

2 pam 2

LIEF EN LEED

'n Verhaal van Huis- en Kampelewe
gedurende die Anglo-Boere Oorlog
— van 1899 tot 1902 —

DEUR

S. L. LE CLUS



29697 (E)


LIEF EN LEED

'n Verhaal van Huis- en Kampelewe
gedurende die Anglo-Boere Oorlog
— van 1899 tot 1902 —

DEUR

S. L. LE CLUS








MEV. LE CLUS.

VOORREDE.

Die oogmerk van die skryfster van die boekie is om ons kinders en kindskinders, as getroue Arikaners, hulle nasionaliteit te laat in stand hou en nooit te laat vergeet, dat ware getrouheid aan Vaderland, Kerk en Taal, selfs agting en respek van ons vyande afpers, soos die onder-vinding in die laaste stryd getoon het, en dat inteedeel ontrouheid aan die heilige pligte ons verneder as 'n volk en ons tot skande en oneer strek.


Ons wil ook van die goedertierenhede van die Heer melding maak en aan ons kinders vertel, wat die lieue Heer vir ons as 'n famielie gedoen het onder die bitter omstandighede van die Anglo-Boere-oorlog van 1899 tot 1902.

Alles, wat ek hierin geskryf het, is wat ons persoonlik en met ons eie oë gesien het en is die eenvoudige waarheid, nie alleen van al die bitter, maar ook goeie, ons en ons Afrikaners aangedoen, van die kant van Britte en pro-Britte, of sogenaamde „Handsoppers” of Kakie-Boere.



INHOUD.

	Bls.
*Oproeping tot die stryd vir reg en vaderland ...	9
Adres en antwoord	11
My seuns gaan naar die veglienie	14
Eerste oomblikke van angs en gebed	17
Kersfees—ons President en sy gade—sonde en teen- spoed	18
Proklamasies van Lord Roberts en ons President ...	20
My eggenoot en seun weggevoer as krygsgévangene	24
Bruce Hamilton se aankoms en vertrek	26
Proloog op Hoofstuk X.	30
Ons laaste ses maande op Bultfontein	31
Weer 'n Engelse kolonne op Bultfontein	33
Bitter dae van sorg en angs	37
Op Brandfort, nog meer vervolging en smaad ...	40
Naar die konsentrasie kamp	43
Kamlewe—die rantsoenkaarte	47
Sondagdienste onder die mimosabome	50
Honger, siekte en mishandeling	55
9 Augustus, 5 September en 7 Oktober	57
Iets meer van die kamlewe	60
'n Groot opskudding	63
Hulp van die Boland	66
Gedagvaar, vals beskuldig en naar Bloemfontein gestuur	68
Bloemfonteinse Konsentrasie kamp	74
Ter gedagtenis aan vrinde wat in die Brandfort Konsentrasie kamp gesterwe het	79
Caxton Huis	82
Vrede	84
Slot	85



HOOFTUK I.

OPROEPING TOT DIE STRYD VIR REG EN VADERLAND.

Die 2de Oktober 1899 was 'n vreeslike dag vir ons dierbaar Suid-Afrika en veral vir die Transvaal en die Oranje Vrystaat, want op dié dag werd ons Burgers opgekommendeer om naar die grenslyn te gaan om hulle land te verdedig teen die groot Britse mag, en o, hoe ontroerd was ons vroue en moeders om afskeid te neem van ons dierbare, wat ons waarskynlik op aarde nooit weer sal sien nie, want wie kon tog vir hom so gelukkig ag om vry te kom van die geweldige koeëls van groot Brittanje se gedugte mag, wat teen ons sou optrek. Maar nee, die vrouens het hulle dierbare mans gegroet, wel met tranen op hulle wange, maar hulle tog aangespoor om as dapper helde vir reg en vaderland te gaan veg en te vertrou op die Almagtige Hemelse Vader, die Regter van hemel en aarde.


Ons saak het ons regverdig geag en gemeen dat die lieue Heer nooit sou toelaat, dat ons ons land sal verloor nie. O, hoe goed was die begin! En het ons as 'n volk volgehou, getrou gebly aan mekaar, aan ons owerheid en standvastig gewees in die volle vertroue op die hulp van Hem,

„Die nooit beschaamt wie op Hem bouwt.

Op Hem als op een Burg vertrouwt,

Die voor geen stormen zwicht,”

sou dit anders met ons gewees het, maar ag, hoe smart



dit ons om te moet sê, dat die dierbare woorde van ons Volkslied deur so vele van ons mede-Afrikaners in die slyk gesleep en met die voete vertrap is. Elkeen wat die boeke van C. R. de Wet, Ben Viljoen en ander skrywers gelees het, sal daaruit genoeg kan verstaan, hoe die ontrouheid ons ten onder gebring het; maar ons hoop en vertrou tog, dat ons Afrikaners deur die duur lesse geleer het, wat die beste ~~betaal~~ taal op die duur: Ontrouheid of getrouheid.

Reeds maande tevore het die onweerswolke al begin saam pak oor ons hoofde. Die Vrystaat het 'n Bondgenootskap met die Susterstaat, die Transvaal, aangegaan, waarvan die hoofinhoud was gemeenskaplike verdediging ingeval een van die State sou aangeval word. Die Jingo's op die Rand het al hoe meer luidrugtig geword in hul eise vir die stemreg. Oom Paul kon dit nie toestaan nie, want aangesien die instroming van die goudhawe so geweldig was, sou dit eenvoudig selfmoord beteken, as die Transvaalse Volksraad die stemreg onvoorwaardelik aan die indringers sou toestaan. Al meer en meer werd dit duidelik, dat die Engelse Regering vas beslote was om die Transvaal te verplig onvoorwaardelik die stemreg aan al sy onderdane in Transvaal te gee, of die wapens daarvoor sou laat beslis. As die Volksraad die eise inwillig, sou dit eenvoudig beteken die oorhandig van die Transvaal sonder slag of stoot aan Groot Brittanje.

Die Engelse begin nou hulle troepe op ons grens saamtrek en aangesien die oorlog nou onvermydelik was, stuur president Kruger die Engelse 'n ultimatum, waarin hy eis, dat die troepe onmiddelik van sy grense sal verwyder word of hy sou dit beskou as 'n oorlogsverkla-

ring. Aan die eis is nie voldaan nie en derhalwe het die twee Republieke in staat van oorlog met Engeland verkeer vanaf 11 Oktober 1800.

HOOFTUK II.

ADRES EN ANTWOORD.

My eggenoot, Frank le Clus, was winkelier op Bultfontein, O.V.S. Ons het ses kinders. Die oudste seun James, was destyds teologiese student op Stellenbosch, K.K. Die tweede seun heet Edward Godfrey en was in die Siviele diens van die O.V.S. Die jongste seun by name Alfred was op skool in die Grey Kollege Skool, Bloemfontein. Ons drie dogters Lucy, Katie en Ella, was almal tuis op Bultfontein, aan die begin van die oorlog.

Toe ons sien, dat die oorlog onvermydelik was, was die eerste gevoel, dat by ons opgekom het, om iets by te dra om die nasionale gevoel by ons burgers te versterk en dit het my aangespoor om 'n vlag te maak vir die hoofkommandant van die O.V.S. se leër, om as 'n banier te gebruik, wanneer ons volk sou optrek teen die magtige Brit. Die banier het ek eiehandig gemaak; in die linker boonste hoek versier met die O.V.S. se vlag en in die middel met een wit satyn „ROL”, waarop die woorde geborduur was „VIR REG EN VADERLAND.” Die patroon het my oudste seun vervaardig en naar my gestuur, net voor die kommunikasie afgesny werd. My eggenoot het daarvoor 'n fraai staf met leer stafhouer laat maak en my jongste seun het die krale vir drie sette mooi klosse gemaak, die vlag werd op die 18de Novem-

ber 1899 aan die Hoofkommandant, Kommandante en Veldkornette van die O.V.S. se leer met die volgende adres aangebied :—

Hooggeagte vriende,

Dit doen my groot genoë om aan u alle mee te deel, dat S.H. Ed. die Staatspresident van die O.V.S. my S.H. Edele se toestemming gegee het om aan ons Hoofkommandant, die Heer C. J. Wessels, 'n spesiale vlag te presenteer om in hierdie reeds aangevange stryd teen die vyand van S.A., te gebruik, solank die oorlog sal duur, en ek dank S.H. Ed. ook nou hartlik, dat hy my die eer vergun het.

Maar voordat ek u dit toereik, wil ek u almal vra om met my Ps. 20 te lees en veral te let op die 6de vers, waar koning David van ouds gesê het:—„Wij zullen de vaandelen opsteken in de naam onzes Gods.”

Laat dit dan ook u leuse wees, en weer, „Wij zullen niet vermelden van wagens en paarden, gelijk deze of gene doet, maar wij zullen vermelden van den naam onzes Gods” en in vaste vertrouwe op Sy hulp sal ons steeds vir reg en geregtigheid en Vaderland veg.

Laat die vyand maar so onregverdig handel as hy wil, laat u leuse en betragting altyd wees regverdigheid, want God sal die regverdige nooit laat wankel nie, maar sal die onreg sekerlik straf.

Onse God gee u alle dan krag en wysheid uit die hoogte en seën u wapens en gee u 'n heerlike oorwinning, en Hem sal wees die eer en dank en aanbidding in alle ewigheid.”

Ek sal u nou vra om die vlag as 'n geskenk van my en my eggenoot aan te neem en ons hoop en ver-

trou, dat die vlag u almal sal aanspoor om met meer ywer dan ooit tevore te veg in die naam van die lewende God, vir reg en Vaderland.

Uw heilwensende vrindin en mede-Burgeses,

SIBELLA LOUISA le CLUS.

In antwoord het ek toe die volgende gekry :

Hoof Laer.

Olifantsfontein,

22 Nov., 1890.

Aan Mev. Sibella Louisa le Clus,

Waarde Vrindin !

Dit doen my genoë die ontvangs te erken van u adres aan die Hoofkommandant, Kommandante, Veldkornette en Burgers van die O.V.S. en die spesiale vlag, wat ons teen die vyand van S.A. sal gebruik. Ek dank u en u eggenoot namens die Kommandante, Veldkornette en Burgers van die O.V.S. in die volle oortuiging, dat u nie alleen in tyd van vrede maar ook in tyd van onluste 'n ware burgeses en burger van die O.V.S. is, en mag dit die Allerhoogste behaag dat ons die oorwinning behaal, dan sal ons met 'n gevoel van dankbaarheid die vaandel omhoog hou en die Allerhoogste lof en dank toebring, en met die digter van ouds sê dat ons die vaandel omhoog gestee het in die „Naam onzes Gods.” Ek self moet u ook my hartlike dank toebring, daar die vlag my meer geduld en moed sal gee om plig jegens my Vaderland te doen en ons aan te moedig om vir ons reg en onafhanklikheid te stry.

Die Here seën u moeite en ywer aan die pragtige vaandel bestee.

Met Hoogagting,

Mevrs. D.W. Dienaar,

C. J. WESSELS,

Hoofkommandant

Dit spyt die skryfster om te moet sê, dat dit die laaste is, wat ons weet van die vlag. Dit is nooit gebruik geword en het die oogmerk nie bereik waarvoor dit gemaak was, en ons kan nie uitvind, wat daarvan geword is, maar ons hoop alleen, dat dit nie in die hande van die vyand geval is nie. Kommandant Wessels het my gesê, dat hy die vlag aan Hoofkommandant Ferreira oorgehandig het, maar die Hoofkommandant is skielik verongeluk toe alles so in die war by Kimberley was en Generaal de Wet, wat sy opvolger was, het dit toe nooit gekry nie.

HOOFSTUK III.

MY SEUNS GAAN NAAR DIE VEGLIENIE.

November 25, 1899.—Nou het die tyd stip gekom dat ek as moeder diep ontroerd moes afskeid neem van my twee dierbare seuns Edward en Alfred, wat op dié dag klaar gestaan het om as vrywilligers ook voorwaarts te trek naar die grenslyn. Hulle drie susters het hard met my saamgewerk om alles vir hulle gereed te maak. Die susters en ek het ons voorgeneem om nie 'n traan te stort in die teenwoordigheid van ons dierbare jongelinge, ofskoon ons harte vol was en dit was menigmaal on-



Ons jongste seun Alfred.

moontlik vir ons gemoed geword; maar die Heer het krag gegee waar dit met erns gevra was. Die waentjie staan weldra voor die deur, gelaai met beddegoed, kos en klere, 'n tentjie en selfs ook tabak en 'n mandjie met medisyne, windsel ens., vir ambulansdiens; ja met alles wat vader, moeder en susters kon bedenk wat nodig sou wees op kommando. Die jong wat by die waentjie was roep uit „Dag Missies en kleinnonnies,” klap met sy sweep en daar gaan die wa vooruit. Twee opgesaalde perde staan ook voor die deur en ons twee dierbare is gereed met bandelier en Mausers, en in hulle kommando-klere uitgedos. Nou kom die afskeidsgroet en -woord, die susters omhels hulle broers en sê so kort moontlik een afskeidswoord. Toe kom my beurt, en O, wie ken en verstaan 'n moeder se hart? Ek wil spreek maar kan nie, my hart is te vol, 'n seer kort gebed om krag en die liewe Heer verhoor my. „Kom dierbare seuns, kniel hier by my stoel.” Na 'n kort gebed, waarin ek hul aan die genade des Heren toevertrou, staan hulle op en daarop gebied ek hulle om voorwaarts te gaan en te veg soos gelowige dappere helde, vir reg en Vaderland, daarop gaan hulle albei, na moeder hulle nog 'n keer aan die hart gedruk het, naar die winkel om hulle vader te begroet. Ons oë het hulle gevolg tot hulle uit die gesig was. Ons gaan toe weer die huis in en ek soek die eenzaamheid op om te bid vir my dierbare; maar ag dit kan ek nie met kalmte doen nie. My hart is oorstelp, ek kan my nie meer bedwing nie. Ek het wel my offer naar die altaar van die Vaderlandsliefde gebreng, maar ag ek kon dit nie voleindig nie, en ek roep toe in diepe opgewondenheid uit: Ag Here, daar was 'n bok beskik om in Isak se plek geoffer te word, maar wat sal in die

plek van my seuns kom? „Ën kyk”, daar hoor ek skielik in my hart die Goddelike antwoord: „Ek het my eniggebore Soon gegee om vir hulle te sterf, en is dit nie genoeg nie?” En van daardie oomblik kry ek krag en genade om te sê: „U wil geskiede.” Wat my dierbare ook oorkom, die liewe Heer sal my krag gee om alles met moed en geduld te dra.

HOOFSTUK IV.

EERSTE OOMBLIKKE VAN ANGS EN GEBED.

Ek moet in hierdie hoofstuk my 'n weinig agteruit verplaas en neem my leser terug naar die tweede Oktober 1899. Van dié dag af tot drie dae later was ek so opgewonde van gees en so benoud oor die toekoms, dat ek nie kon slaap nie en maar heel weinig kon eet. Ek leef toe in 'n agterkamer, om stil en alleen te wees met die Heer en Hem te vra om tog in Sy heilige Woord ons 'n versekering te gee van Sy beskerming en genade vir die donker toekoms. Ek laat die Bybel, wat ek in my hand het, oopval en begin te lees uit Jesaja 30 vers 19, 20 en 21 en word daaruit volkome geantwoord. Dit is die woorde (vers 19): Want het volk zal in Zion wonen te Jeruzalem; gij zult ganselik niet wenen; gewisselik zal Hij u genadig zijn op de stem uws geroeps; zo haast Hij die horen zal, zal Hij antwoorden.” Vers. 20. „De Here zal ulieden wel brood der benauwdheid, en wateren der verdrukking geven; maar uw leraars zullen niet meer als met vleugelen wegvliegen, maar uw ogen zullen uw leraars zien.”

Vers 21. „En uw oren zullen horen het woord des-

genen, die achter u is zeggende : Dit is de weg, wandelt in dezelve; als gij zult afwijken ter rechter- of ter linkerhand.”

Hoewel ek die antwoord nog nie in sy geheel verstaan het nie, het die ondervinding dit vir my later duidelik gemaak. Dit moet ek nogtans sê, die woorde was altoos ons troos en sterkte deur al ons moeilike dae, en daardie woorde „Gij zult ganselik niet wenen” was 'n gebod in ons harte geword, en as die tranes soms onkeerbaar was, dan het my dogters en veral die jongste my oë afgedroë en gesê, „Moeder u weet dat u nie mag huil nie.” Dit was altyd bemoedigend en dadelik het ek dan gevoel dat dit my plig was om nie toe te gee aan flouagtigheid nie, maar moed te vat en slegs kinderlik die Heer te volg waar Hy ons ook wou lei; en gelei het hy ons dan ook, Sy grote naam sy daarvoor geprese! Ons kort geskiedenis sal toon dat die Here 'n waarmaker is van Sy woord. „Roep My aan in die dag van benoudheid en: Ek sal u daar uithelp.”

HOOFTUK V.

KERSFEES—ONS PRESIDENT EN SY GADE— SONDE EN TEENSPOED.

Die oorlog woed voort, ons hoor daeliks nuus van die grense en meestal baie goeie nuus. Ons President en sy gade stel groot belang in die burgers, wat op die veld is. Toe Kersfees nader, word die vrouens gevra om soveel moontlik by te dra om dit so aangenaam moontlik te maak vir ons veggende burgers, deur koek en beskuit en ander lekkernye naar hulle te stuur. Dit

het almal dan ook soveel hulle maar kon gedoen en later was ons weer besig om mansklerre te maak en te verstuur. Alles het goed vooruitgegaan en die liewe Heer het ons blykbaar Sy seën gegee. Die mans het goed geveg en die vrouens het hulle boerderye so goed bestier dat my man my kon sê dat die vrouens hulle rekenings beter afbetaal het dan die mans dit voor die oorlog gedoen het. Maar, O wee, wat gebeur daar nou? Mag ek dit skryf? Ja, ek moet, en liewe susters vergeef my dit tog. Ek wil alleen met 'n ootmoedige sug dit meedeel.

Ons susters in die Transvaal en ook in die Vrystaat begin hulle baie dwaas te gedra. Insteede van tuis te bly en ag te gee op die boerderye en daar alles in orde te hou, soos hulle almal in die begin gedoen het, begin hulle die een na die ander naar die veglyne te gaan onder die flouste voorwensels. Hulle was daar nie nodig nie. Ons ambulanse was baie goed ingerig en alles was gedaan deur die Regering wat nodig was vir ons vegtende burgers, ja so volop het hulle dit gehad dat hulle van hulle rantsoene so baie oorgehou het dat hulle naar huis ook kon stuur met elke geleentheid. Die gevolge van so baie vrouens naar die burgers in die veglyne te laat gaan was natuurlik nie goed nie. Dit kon geen goeie werk afgee nie en ek het van goeie outoriteit verneem, dat ons President en die Krygskommissie dit belet het. Ons mense was nogtans ongehoorsaam en het tog daarheen gegaan. Dit was die oorsaak dat Generaal Cronje by Perdeberg so vasgekeer was, dat hy nie kon uitkom nie. Hy het die vrouens en kinders by hom gehad en natuurlik was hy en sy burgers nie so vry om te veg en uit te trek as wat dit sou gewees het as die mans alleen was. Dit was dan ook die keerpunt van die oorlog. Van

toe af was alles teen ons en, o dierbare susters, die straf het oor ons gekom. Die Here het ons toe in die hande van die vyand laat val. Duisende vrouens en kinders het omgekom in die Konsentrasie Kampe, en wie kan dit nou herroep? Laat ons nou tog maar skuld erken en die Here smEEK om ons te vergeef en ons dit nie toe te reken nie.

HOOFTUK VI.

PROKLAMASIES VAN LORD ROBERTS EN ONS PRESIDENT.

Die slag van Perdeberg was verby. Cronje het ingegee. Kimberley was reeds ontset en die Engelse leërs het deur geheel ons land versprei en hoewel die liewe Heer 'n De Wet en ander dapper hoofde en voormanne staande gehou het, om byna drie jaar te veg vir hulle Reg en dierbaar Vaderland, was daar tog so baie ontroues gewees, so baie landverraaiers, dat ons uiteindelik ons Vryheid verloor het. Die Heer sal nogtans vir Sy volk sorg en hulle lei op Sy weg.

Na die oorgawe van Cronje, het ons burgers nog bly veg totdat hulle by Abrahamskraal gekom het en vandaar het hulle begin uiteengaan en die saak as wanhopig opgegee. Daar was 'n klompie dapper manne wat pal gestaan het, maar wat kon hulle doen teen die oormag, en so het ons twee seuns dan ook skielik by ons op Bultfontein teruggekom. Hiertoë het hulle van hulle Veldkornet onder seker omstandighede opdrag gekry.

Edward ontvang kort daarop opdrag van die Presi-

dent om as landdrosklerk naar Hoopstad te gaan en sodra Alfred weer 'n perd in hande kon kry—die ingee van hulle perde was juis oorsaak, dat die Veldkornet by Poplar Grove se slag hulle opdrag gegee het om te sorg, dat hulle uit die veglienie kom, om sodoende te verhinder, dat hulle sal gevang word—is hy weer naar die voorposte toe. Die keer naar Boshof, waar die Hoopstadse kommando gestasioneer was. Na 'n tyd is hy deur Veggeneraal Ignatius du Preez op Bultfontein gestasioneer as verkenner, voorsien van 'n lyn rapportryers om die generaal op hoogte van sake te hou met betrekking tot die beweginge van die Engelse van die kant van Brandfort.

Later hoor hy dat die Hoopstadse kommando bokant Hoopstad verby trek, met die doel om oor Vaalrivier te gaan. Net omtrent die tyd gaan C. W. H. van der Post, vroeër voorsitter van ons Volksraad, met 'n paar man van Fauresmith oor Bultfontein.

Alfred wou met geweld met hom mee, maar Van der Post het hom gesê dat sy plig was op sy pos te bly tot hy van sy offisier ander instruksies kry.

Later het die Engelse ook ons dorpie binne getrek en die Britse vlag gehys wat daar sewe maande gewapper het. Die wêreld weet hoe dit toe gegaan het. Onder die proklamasie van Lord Roberts moes ons manne almal die eed van neutraliteit aflê en hoe bitter dit ook was, het honderde dit gedoen omdat hulle beloof was dat hulle dan almal ongehinderd sou gelaat word en hulle besittinge beskerm sou word. Kort hierop blyk dit dat ons President 'n ander proklamasie uitgevaardig het, waarin hy aantoon dat die stryd volstrek nie opgegee was nie en waarin hy sy burgers oproep om met hom te volhard. Hoe kon ons burgers wat die eed van neutraliteit geneem

het nou daaruit kom? Hulle moes maar stil sit en dit het hulle gedoen totdat die Engelse van hulle kant die eed verbreek het, deur ons burgers eers hulle wapens, toe hulle rytuie en perde en eindelijk hulle vee af te neem. Ook het hulle die mans begin weg te stuur naar Groenpunt en ander plekke. Toe het ons boere die besluit geneem om weg te loop naar die kommando's en weer te gaan veg.

Ag, hoe kan ek tog vertel hoe vreeslik dit vir ons almal was toe die tyding gekom het dat Pretoria ook ingeneem was deur die Britte. Ons het tog verwag dat die Heer daar aan die vyand sou gesê het „Tot hiertoe het julle my volk verdruk, maar nou nie verder.” Maar wie kan die Skepper van die heelal deurgrond?

Daar ons jongste seun verskeie botsinge gehad het met die soldate in ons dorp, het dit gevaarlik geword vir ons om hom by ons te hou. Die hoofoffisier, wat 'n baie vriendelike man was, het my man aangeraai die seun weg te stuur, anders sou hy dit moes doen. So gebeur dit, dat ons Alfred skool toe naar Stellenbosch gestuur werd en was sy rol, in verband met die oorlog, uitgespeel. Hy het hom baie dapper gedra gedurende die eerste ses maande van die oorlog en was in die gevegte by Koedoesberg, Koedoesrand, Perdeberg, Abrahamskraal en andere.



Ou Vader Le Clus, Mnr. Smith, Mnr. Vels.

HOOFSTUK VII.

MY EGGENOOT EN SEUN WEGGEVOER AS
KRYGSGEVANGENE.

My bedoeling is nie om 'n beskrywing van die hele oorlog te gee nie, maar soos ek vroeër gesê het, om min of meer ons eie ondervindinge daarvan te vertel. Nou is dit 1 November 1900. Weer 'n bitter dag vir my en die myne. Sonder enige rede daarvoor te gee, word my eggenoot en my seun Edward wat na die inneem van Hoopstad naar Bultfontein teruggekeer het, aangesê op daardie oggend om 5 uur naar Bloemfontein te vertrek met 'n Engelse eskort en so moes my man sy groot besigheid, sy vrou en dogters agterlaat en gaan. Hulle het nie geweet waarheen nie en dit het dan ook vier lang maande geduur eer ons iets van hulle gehoor het. My seun was diep bewoë en sê met 'n bleek gelaat: „Moeder die swaarste vir my is om U en my susters so in die hande van die vyand agter te laat, sonder 'n enkele kans om U te beskerm.” Ons afskeidsgroet was: „Op ber- gen en in dalen en overal is God.” Gesang 7.

Dit was ook hulle ondervinding, want groot en goe- dertieren was die Heer. Op Brandfort het hulle hulle in die tronk gestop en van daar naar Bloemfontein se tronk gestuur. Toe in die vrouekamp gesit vir enige maande, vanwaar my man later weer naar Groenpunt gestuur werd, terwyl Edward in die vrouekamp agter gebly het. Van Groenpunt is my man naar Indië gedeporteer, naar 'n plek met die naam Ahmednager en vandaar naar 'n nog warmer plek, t.w. Amritsar. Hy was altesaam een- en-twintig maande 'n gevangene, ver van huis en famie-

lie, in menige gevare en siektes, maar die Heer het ons weer tesame gebreng en ons dank en loof Sy goedheid.

Ek het vergeet om te sê, dat ons nie meer dieselfde offisier of dorpskommandant gehad het nie, wat so vrin-delik my man geraai het om ons Alfred weg te stuur naar skool. Die man het Thomas geheet en was van die „Ceylon Yeomanry.”

Hy was reeds geval in 'n geveg teen die Boere by Hammersfontein naby Bultfontein, waar sy lyk ook begrawe was in ons kerkhof. Daar het toe 'n ander offisier gekom. Hy was Kapt. G. A. Henty.

Hy het my man en seun weggestuur, en gesê dat hulle op Bloemfontein op parool sou vrygelaat word. Vir twee maande lank na my man weggevoer was, was daar nie die minste kommunikasie tussen ons dorpie en die buitewêreld nie. Ons het omtrent 250 Engelse soldate in die dorp gehad, maar hulle was van buite omsingel deur die Boere en kon selfs geen telegram versend, want die Boere het die draad afgeknip en die poskar afgeneem. Hulle het ook 'n ambulanswa afgeneem, wat nie met siekes of gewondes gelaai was nie, maar met brandewyn, sigare en eetware. Die Boere het toe alles van die wa geneem, behalwe enige bottels brandewyn, wat hulle met die wa laat gaan het vir die siekes in die dorp. (Gedurende 12 dae het die perde van die troepe opgesaal gestaan op die markplein van Bultfontein voor die skoolgebou, met „nosebags” aan om uit te eet, en water om hulle te laat drink het hulle aangedra. Want die troepe was so bang vir die Boere, dat hulle te veel gebeeft het om te kan opsaal, as gerug inkom, dat die Boere hulle wil aanval).

HOOFSTUK VIII.

BRUCE HAMILTON SE AANKOMS EN VERTREK.

Eindelik het Bruce Hamilton op 2 Januarie 1901 die garnisoen van Bultfontein ontset met drieduisend man. Hulle leier of wegwyser was 'n Afrikaner, 'n sekere „Wolf”, nie een in skaapsklere maar in 'n Engelse soldaat se gewaad. Hy het dan ook aan my deur kom aanklop en het losies vir die Generaal gevra. Natuurlik het ons dit so beleef moontlik geweier, maar hy het aangehou en gesê, dat ons dit as 'n eer moes beskou om so'n hoë offisier en jentelman ook in ons huis as 'n gas te ontvang. O! toe het die bloed naar my hoof toe gestyg en ek antwoord: „What do you mean, you are adding insult to injury, first you take away our protectors and then come and force your company on helpless women and girls, what do you call yourselves.” (Wat meen jy hierby. Jy voeg belediging by leed, eers neem jul ons beskermers weg, en nou kom julle jul geselskap aan hulpelose vrouens en meisies opdring, wat noem jy julleself?)

Intussen het daar 'n soldaat by die voorhekkie ingekom van die tuin en vra om brood te koop. Ek antwoord toe dat ek nie brood het; waarop die Wolf van 'n Afrikaner naar die soldaat omdraai en hom toeroep: „Jy moet maar vandag klinkers vreet!” Toe word ek eers opgewonde en roep uit: „Wat, is jy nogal 'n Afrikaner? Jy moet jou skaam om naar die deur van 'n Afrikaner vrou te kom met so'n versoek, gaan naar die generaal en sê hom, ek weier om hom losies te gee.” Hy word toe baie kwaad en sê dat hy my sou straf. Hy het toe die generaal gaan vertel, dat ek baie anti-Brits was, en

ook beledigend gepraat het. Na 'n paar minute kom hy terug met 'n Engelse luitenant. My eerste vraag aan hom was: „Are you an Englishman or also an Afrikaner?” Daarop antwoord hy: „I am an Englishman.” Ek sê toe: „Thank you. Then I know to whom I am speaking. You are my enemy but I do not mind that, but what did you send such a traitor to me for, I would rather have spoken to the meanest of your Tommies than to such a villain. I wonder, how he can look me in the face.” (Is jy 'n Engelsman of 'n Afrikaner. Hy antwoord: „ek is 'n Engelsman.” Ek sê toe: Dankie, dan weet ek met wie ek te doen het, jy is my vyand, maar daar gee ek niks om, maar waarom stuur jy so'n landverraaier naar my? Ek praat liever met die laagste Tommie dan met so'n lae vent. Ek verbaas my, dat hy my nog in die gesig kan kyk). Die luitenant glimlag en toe sluip die Afrikaner Wolf weg en ek het hom nooit weer gesien nie .

Die luitenant hou toe aan en wil hê dat ons die generaal losies moet gee. Hy probeer ook om my bang te praat en sê: „You know you are accused of being terribly anti-British and that you have made use of abusive language.” (Weet jy dat jy beskuldig staan van vreeslik anti-Brits te wees en dat jy beledigende taal gebruik het?) Dan verander hy weer van houding en sê: „But you ought to think it an honour to receive such a gentleman as your guest.” Ek antwoord toe dadelik: „What, an honour? No, I think it is an insult, for you first to take away our protectors and then force your company upon helpless women and children, but you are three thousand strong men, you can take the house, for we cannot prevent you, but I will never receive you as

my guests, so I will go out of it and you can take possession". („Jy moet dit 'n eer beskou om so'n heer as jou gas te ontvang. Ek antwoord dadelik: „Wat, 'n eer? Nee, ek beskou dit as 'n belediging, want julle het eers ons beskermers weggestuur en nou kom julle julle geselskap aan hulpelose vrouens en kinders opdring, maar ek sal julle nie ontvang nie. Julle is drieduisend man sterk, en julle kan ons huis neem, want ons kan dit nie belet nie, maar ons sal dit ontruim).

Daarop tree ek 'n stap nader, hou my vingers op en sê op Engels: „God sal julle straf en dit net haastiglik"! Hy verbleek toe en laat sy hoof sak en na 'n posie stilte sê hy: „Dit kom hier nie te pas nie." My dogters en ek neem toe die beddens en ander goed en gaan naar ons buurvrou. Die luitenant kom later weer naar ons en kondig aan dat ons die volgende dag met hulle kolonne moes meegaan. Ek antwoord: „Dit kon ek wel van julle verwag. Ek is klaar." Maar dit het ek gesê om hom te laat sien dat hy my nie kon bang maak nie. Die volgende dag het die Generaal my laat weet, dat ek en my dogters nie mee moes gaan met sy kolonne nie, tensy ek begeer om dit te doen. Natuurlik het ek verkies om liewer op Bultfontein te bly. Vroeg op die môre van die 4de Januarie 1901 vertrek Bruce Hamilton met sy heir en neem al die Engelse met hom mee, dit wil sê die 250 soldate en die private Engelse famielies, wat in die dorp gewoon het. Ook het hulle omtrent 300 waens met boerevroue en kinders, wat hulle gevange geneem het en 'n menigte beeste en skape meegevoer. Dit was 'n baie aandoenlike gesig. Hulle het omtrent drieuur in die môre (Sondagmôre begin inspan en toe die rooidag breek, was hulle aan die trek. Dit het gelyk of hulle naar

Brandfort wou gaan, maar skielik van plan verander het en toe gaan hulle ooswaarts naar Smaldeel. (Later het ons gehoor, dat die Boere 'n paar skote op hulle gelos het, by Abraham Wessels se koppies, en die kolonne so geskrik het dat hulle dwarsweg naar Smaldeel gegaan het.) Die skape blêr, die beeste bulk, die mans skree, die swepe klap, die vroue sing met bewende stemme en so trek hulle almal voort. Eers die perderuiters, dan die waens en die voetvolk en agteraan die Skotte met hulle vreemde musiekinstrumente „doedelsakke,” wat hulle so geblaas het dat dit ons laat gril en dink dat dit op die oordeelsdag gelyk. So het ons hulle staan en nakyk, tot hulle verdwyn het oor die bult.

Hulle was pas verdwyn of ons 17 Boere staan voor ons deur en ons was verbaas om te hoor, dat dit die hele boeremag was, wat sowat twee maande die vyand in die dorp vasgekeer het. Dadelik vra Veldkornet Oosthuizen of ons 'n O.V.S. vlag besit, en gelukkig het ek een gehad wat my man aan my gegee het kort voor die Engelse hom weggestuur het. Die vlag gee ek toe aan Oosthuizen en hy het dit dadelik laat hys aan die vlagpaal by die Goewermentskantoor, en daar het ons geliefde vlag ongestoor die vyf volgende maande gewapper. Ses maande lank het ons ongehinder op Bultfontein gebly.

Onder die weggevoerde, waarvan hierbo melding gemaak is, was daar dierbare vrinde en vrindinne en dit was ons treurig om hulle so te sien heengaan. Aan seker famielie Smith was ons besonder geheg, omdat my dogter Ella by hulle 'n Goewermentsskool gehad het naby Hoopstad. Mevrouw Smith met tien kinders en 'n jong suster was onder die gevangene. Haar man was reeds krygsgevangene geneem by generaal Cronje en naar St. Helena

gestuur. Die jongste kind was maar 'n paar dae oud, toe die vader naar kommando gegaan het en die liewe kleine het byna twee jaar oud geword in die kamp op Brandfort, waar ook twee van sy broertjies aan die masels gesterf het. Die enige seuntjie wat oorgebly het, was die kleine Danie, omtrent 9 jaar oud. Op 'n goeie dag, nadat hy gesond geword het van die masels, sê ek aan hom: „Ag, Danie, wat sal jy tog sê, as jy weer eendag in jou eie kraal 'n skaap kan vang en slag?” „O, antwoord hy, dan braai ek 'n hele ribbetjie vir ek en jy.” En sy ogies blink somaar by dié gedagte.

HOOFSTUK IX.

PROLOOG OP HOOFSTUK X.

Bruce Hamilton het ons dorp nie beskadig nie en selfs my tuin, wat soos 'n lushof gestaan het, het hulle nie aangeraak nie. Ons het volop vrugte en groente gehad en kon ons vermoeide burgers, wat heen en weer deur ons dorp gegaan het, dikwels baie goed onthaal en verkwik, deur hulle in die tuin te nooi en vrugte te eet. so veel as hulle maar wou hê. Ons het weer ons winkel oopgemaak en alhoewel daar geen eetware meer was nie. kon ons die klerasie, ens., verkoop en van al die kante het ons boere dan ook gekom om te koop. Ons het ook die plesier gehad om Generaal de Wet vir die eerste keer te ontmoet en dit het ons baie goed gedoen om te sien, hoe vol moed en geloof hy en sy volgelinge was. Hier moet ek tog melding maak van een of ander vriend, wat by ons in daardie tyd aangekom het, soos b.v. M. Wesels. Ons het hom dokter genoem, dog hy was nog maar

'n student. Toe die oorlog uitbreek, het hy sy studie verlaat om vir sy land te kom veg en dit het hy ook getrou gedoen tot in die dood. Wallie de Vos word ook diep deur ons betreur. Op sy laaste besoek het hy nog gesing „True till death.” En as 'n held en getroue burger het hy tot die dood toe gestry en is geval. Ook 'n menigte ander vriende wat nog leef, het ons besoek en dit sal ons altyd 'n vreugde wees om hulle weer te ontmoet

HOOFSTUK X.

ONS LAASTE SES MAANDE OP BULTFONTEIN.

Op die 2de April 1901 het die Engelse Hoopstad verlaat, nadat hulle daar sowat 10½ maande gewees het. My broer Edward Roberts en sy vrou het daar agtergebly met 'n paar ander famielies, maar hulle twee seuns Frank en Heevor, het die Engelse as gevangene wegge neem naar Kimberley, en daar moes hulle bly tot die oorlog verby was. Sy ander seuns, Alfred en Edward, was nog altyd by hulle kommando's in die veld. Sodra ek seker was dat die vyand Hoopstad verlaat het, gaan Katie en ek daarheen met kar en perde. Ag, dit was 'n blydschap om my ou broer en suster weer te sien, maar hulle was tog so verdrietig oor hulle twee seuns, wat die vyand weggevoer het. Dit was tog so eensaam vir hulle. Die volgende dag het vir hulle nogtans 'n heerlike sonnestraal gebring, want hulle kry toe 'n lang en baie aangename brief van hulle oudste seun Alfred, deur hande van 'n vriend, wat van die distrik Heilbron oorgekom het. Dit was die eerste tyding vir meer as 'n jaar van die

seun en met bewende stem en grote aandoening lees my broer dit vir ons almal voor. Die aand werd my broer gevra om 'n dankstond te hou in sy sitkamer. Dit is 'n groot vertrek, maar dit was stampvol van ons boervrind en baie moes buite onder die veranda staan. Ons het die liewe Heer gedank dat Hy ons tot dusver gehelp het en Hem gevra om ons verder hulp en bystand te verleen. Ons het nou begin glo dat die oorlog gou op 'n end sou wees en dat ons ons onafhanklikheid sou behou. Maar dit was goed dat ons nie in die toekoms kon sien nie. Na ons 'n paar dae in Hoopstad deurgebring het gaan Katie en ek terug naar Bultfontein.

Op 'n goeie middag, omtrent 2 uur, in die maand Mei 1901, gaan Ella en ek van die winkel naar huis, honger en moeg, toe ons 'n kar voor ons deur sien staan. Katie kom toe aangeloo: „Mammie, Mammie, ag raai tog wie is hier?” Sy skree en haar ogies blink met tranes van blydschap: „Dit is ons dierbare boetie Edward.” En so was dit ook. My seun het weggeloo uit die kamp van Bloemfontein saam met sy vriend Piet du Preez en deur baie gevare het hulle tog veilig aangekom. Na hulle drie dae te voet geloop het, terwyl hulle al die Engelse deur moes vleg, kom hulle by Kommandant Bester se mense aan en kry by hulle 'n kar. Na hulle enige dae gerus het gaan Piet du Preez naar Fauresmith te perd op 'n vrouenssaal en het daar veilig aangekom by sy famielie.

Later het ons gehoor, dat hy weer gevange geneem was en in die Kimberley-kamp aan die koors gesterf het. Hy het nog voor hy ons verlaat het, 'n trippens in twee stukke gedeel of geveil en die een helfte aan ons Katie gegee met die versoek, dat sy dit moes bewaar, totdat

hy haar weer sou ontmoet. Ons het Edward toe uitgerus met klere en geld en hy gaan toe weer kommando toe, onder Kommandant Bester. Kommandant Bester het hom so vrendelik behandel, na sy vlug uit Bloemfontein en hom en du Preez enige ure ver met kar en perde gestuur naar Bultfontein.

Omtrent die eerste week in Junie kom my broer Edward en sy eggenote met hulle seun Alfred en Ben de Kock, 'n neef van my, ons 'n besoek bring van Hoopstad. Ek het toe 'n boodskap naar my seun Edward gestuur en gevra dat Komdt. Bester hom verlof moes gee om sy oom, tante en neefs te kom sien, wat hy dan ook toegestaan het. Hy was enige dae by ons toe ons hoor, dat die vyand Komdt. Bester skielik aangeval het en dat 'n jong man by die naam van Ungerer gewond was. Daar hy buitendien siek was aan die koors, is hy 'n paar dae later op Bultfontein oorlede en begrawe. Komdt. Bester het daarna 'n eind verder gegaan. My broer gaan toe naar Hoopstad terug en 'n dag later kom sy seun Edward ook by ons aan, op die reis naar sy ouers en was ons verheug om te sien, dat hy ook nog in lewe en gesondheid was, want ons het gehoor dat hy verdrink was in die Brakrivier by Generaal de Wet se kommando.

HOOFSTUK XI.

WEER 'N ENGELSE KOLONNE OP BULT- FONTEIN.

Ons het toe my seun Edward weer uitgerus met klere en geld en hy is toe voort met sy twee neefs Ben de Kock en Alfred Roberts. Dit was in die maand Mei,

1901. Hulle het oor die spoorweglyn naar Heilbron, naar ons kommando's daar gegaan en ons het niks gehoor tot dat die vrede gesluit is nie. 'N jaar na hulle ons verlaat het, kom hulle weer veilig en gesond by ons aan; dit wil sê my seun Edward en sy neef Alfred alleen, want Ben de Kock was enige maande tevore gevange geneem en naar Indië gestuur en het eers enige maande na die herstelling van die vrede weer teruggekom. Die Here het hulle bewaar vir alle gevare en siekte.

Op die 18de Junie 1901 het daar weer gerugte op Bultfontein gekom dat die Engelse kolonne aan die aankom was van Brandfort se kant en in sulke sterk getalle dat dit onmoontlik was om hulle teenstand te bied. Daarop vlug boervrouens met hulle kinders deur ons dorpe heen naar die Hoopstad distrik. Dit was 'n treurige gesig, want daar was verskeie siekes en baie oue van dae by. In een kar het ek 'n moeder met 'n babetjie van twee dae oud gesien; haar man het 'n bed van kiste gemaak om dit enigins gemaklik vir haar te maak. Die kar was met osse bespan. Hulle was skaars 'n uur van die dorp of hulle moes agteruit stuur om die dokter te haal, omdat die vrou erg siek geword het, en dat dit 'n natuurlike gevolg was kan u, geagte leser, seker goed begryp. Hoe dit later met haar gegaan het, het ek nooit gehoor nie.

Omtrent die 19de of 20ste Junie 1901 het die Engelse kolonne dan ook weer skielik op Bultfontein aangekom. Ons het gehoor dat hulle in die nabyheid was, maar ons het nie gedink hulle sou ons dorp so gou bereik nie. Omstreeks 4 uur in die môre skrik ons wakker van 'n vreeslike geraas aan die deure en vensters en 'n geskree: „Open the doors or we will dash them in”. (Maak oop

die deure of ons sal hulle oop skop). My drie dogters en ek was alleen in ons huis, ons het nie eers 'n diensbode gehad nie, want Bruce Hamilton het hulle almal ses maande tevore weggeneem. Verskrik spring die meisies en ek uit ons bedde en trek ons aan, maar die Tommies stamp op die rame en deure met hulle gewees en skree gedurig, en ek antwoord toe van binne: „We are only ladies here and you must wait until we are dressed”. (Ons is slegs vrouens hier binne en julle moet wag tot ons aangetrek is).

Hulle het maar voort geraas; u kan wel begryp hoe verskrik ons was, dog ons het weer net 'n oomblik die hart boontoe gerig en die Heer het ons krag en wysheid gegee. Ella maak toe die voordeur oop en omtrent 10 of 12 Tommies bars binne terwyl hulle vra: „Where is your husband? Where are the Boers?” (Waar is jou man? Waar is die Boere?) Hulle was in die vroë môre reeds half dronk.

Ek trek my toe regop en vra hulle onverskrokke: „Who are you and how dare you behave so? Where is your Officer? I would like to see him?” (Wie is julle, hoe durf julle jul so gedra? Waar is julle Offisier? sou hom graag wil sien?)

Hulle staan 'n oomblikkie stil en antwoord: „Only a matter of form, madam, we only want to see if there are any Boers here. Strike a light, we must search. (Slegs 'n formele saak, juffrou, ons wil net sien of hier enige Boere is. Maak lig, ons moet ondersoek). Die meisies maak toe al die blindings en die horkies oop, en hulle laat die huis deursoek; maar hulle het natuurlik geen Boere gekry nie. Toe dit klaar was, kom die Tommies koffie vra in die eetkamer en ek sê toe, as hulle al-

mal buite op die stoep sou gaan staan, sou ek hulle koffie gee. Daar was nog 'n half kan koffie oorgebly, waarvan ons jong Boere die aand tevore gedrink het. Dit het ons opgewarm en hulle het dit met smaak gedrink, en ons gevra wanneer die Boere die dorp verlaat het. Toe hulle hoor dat die Boere reeds om elfuur die vorige aand vertrek het, sê een met 'n vloek daarby, dat as hulle dit geweet het dan sou hulle eerder ingekom het en nie in die kou buite gebly het nie. Begryp jou, liewe leser, ons het slegs tien jong Boere en hulle landdros in die dorp gehad, en die groot menigte was bang om hulle aan te val.

'n Paar minute later kom 'n Offisier en vra om eiers te koop, en weer later kom nog twee andere en introduceer hulle as Kaptein Talbot en Jordan. Hulle was baie beleef en begin ons uitvra naar die oorsprong of rede van die oorlog, want sê hulle, daar is baie wat onverstaanbaar is vir ons. „Ja”, val ek hulle in die rede, „julle is wys gemaak dat julle 'n barbaarse nasie of wilde boere kom beveg wat baie op olioetangs lyk en lang hare het tot aan hulle voete en nou vind julle uit, dat dit nie so is nie, maar dat intendeel die Afrikaners oor die algemeen net so goed en beter opgevoed is as die Engelse en net so beskaaf as enig volk in Europa. Maar sê my, as ons nie die ryk goudmyne gehad het nie, sou die Engelse hulle dan oor ons bekommer het om ons te kom beskaaf? „Nee dit glo ek nie,” antwoord die Kaptein, „maar”, sê hy verder, „die oorlog is nou daar en ons Engelse is tog nou baas oor die land.” „Nee val ek hom in die rede, „julle is nog nie baas en sal dit ook nie word nie.” „Maar,” sê hy, „gebruik tog u invloed en sê aan De Wet, hy moet maar ingee.” Ek antwoord, „O

dit sal ek nie doen nie. En weet jy wel wat De Wet aan my sou sê. Jy het ook al Engels geword, ek sal jou maar naar hulle toe stuur. Dit sal sy antwoord wees; maar sê ek verder, julle praat so groot dat julle die land reeds het, waarom gaan julle dan nie self vir De Wet haal nie?" Hulle antwoord toe niks daarop nie. Toe begin hulle vleierend te praat van ons Oranje Vry-staatse Goewerment en om Oom Paul af te haal. „Ja”, sê ek, „dit was die parmantigste daad, waarvan daar ooit gehoor is in die geskiedenis van die wêreld, dat 'n President van so 'n klein Republiek 'n ultimatum durf stuur aan die magtigste nasie van die wêreld, maar Oom Paul glo in 'n Almagtige God wat hom die oorwinning kan gee.” Hierop het hulle geen antwoord gehad nie.

HOOFSTUK XII.

BITTER DAE VAN SORG EN ANGS.

Die volgende dag was 'n dubbele moeilike dag vir ons, want Lucy word erg siek en dokter van der Poel word ingeroep en O! Lucy het die belroos (Erysipales) in haar gesig. Ons was baie ontsteld, want 'n paar jaar tevore het sy so erg gely, dat twee dokters oor haar moes konsulteer en getwyfel het aan haar herstelling; en nou nie alleen die vreeslike siekte nie, maar boënop kom die Offisiere ons aansê, dat ons ons moet klaar-maak om met die klomp saam te gaan. Ek vertel hulle hoe siek my dogter is en pleit om tuis te bly, maar alles tevergeefs. Ons moet met die klomp mee en dokter van der Poel kom my toe sê dat hy my sou raai om maar te gaan, want hy moes ook met sy famielie gaan en dan

sou ons sonder 'n dokter agter bly. So moes ons maar inpak.

Geagte leser, u kan wel begryp hoe ontsteld ons was, maar ons het maar weer ons toevlug geneem naar Hem, wat gesê het: „Roep Mij aan in de dag der benauwdheid en Ik zal u er uit helpen.” Daarop staan ons op met 'n gevoel van moed en hoop, dat die Heer sou help en moes maar al ons bekommernisse op Hem werp. Toe begin die vernieling van die winkel van my man, en ons het dit temeer gevoel, omdat die Offisiere eers die sleutels van die winkel van ons gevra en verkry het, om te sien of daar eetware versteek was vir die Boere. Al wat daar te vinde was, was 'n sak mielies wat ek vir eie gebruik daar gebêre het. Ek wou die mielies uithaal en meeneem naar die kamp, want, ek het reeds gehoor hoe skaars alles daár was, maar 'n Offisier sê ewe brutaal: „Volstrek nie, julle kry rantsoene in die kamp en dit is vir julle genoeg.” „Ja,” antwoord ek, „julle gee soveel rantsoene dat die mense van honger vergaan.” Toe kom die Offisiere Talbot en Jordan ons weer die sleutels vra van die groot brandkas. Hulle sê dat daar miskien ammuniesie in verberg is. Ella en ek neem toe die sleutels en gaan met hulle mee, want ons het nooit die brandkas oopgemaak nadat my man weggestuur was. Dit was 'n baie kunstige slot en baie moeilik om oop te kry. Die Offisiere het ook 'n geruime tyd gesukkel om dit oop te maak, daar was slegs 'n paar ou boeke en papiere in, wat vir hulle van geen belang was nie.

Daar het 'n ander Offisier ook bygestaan en aangekyk met gevoue arms. Hy was 'n lang bleek man en skynbaar sieklik. Hy spreek my op medelydende toon aan en sê:

„Sal U, Mev. Le Clus, dit ons ooit kan vergewe wat ons aan u doen?” Ek antwoord dat ek myself 'n kristen noem en dus my bes sal doen om te vergewe, maar dit sal my darem moeilik val om dit te doen. Ek vrees dat ek nog maar 'n swak kristen is, maar ek vra die Heer dat Hy my in staat mag stel om van harte te sê: „Here, vergeef hulle dit.” Ons winkel is totaal verniel. Daar het nie een rakkie in gebly, of 'n deur of 'n ruit nie. Die verwoesting was aaklig. Nadat die oorlog verby was het my man en Edward daarheen gereis. Al wat hulle nog gekry het was 'n kisse met geld, wat daar begrawe was voordat my man weggestuur was. Dit is wonderlik om te sê dat die vyand vir soiets gesoek het en skaars een voet daarvan opgehou het om te grawe, en so vind my man en Edward die kisse weer, en ons dank die liewe Heer, dat ons genoeg het om van te lewe.

Wel, om terug te kom tot die onderwerp van die hoofstuk. Ella, Katie en ek moes maar pak en beurte neem by die siekbed van Lucy. 'n Paar dae later moes ons vertrek, en toe het die dokter Lucy se hoof heeltemal toegepak met watte en slegs 'n opening gelaat by die neus en mond, sodat sy kon asemhaal en medisyne neem. Ons moes haar in 'n leuningstoel naar die wa dra. 'n Engelse Offisier wou help om haar te dra. Sy bemerk dit en roep half smorend uit: „Moenie toelaat dat die ding aan my vat nie!” U kan dink en wel begryp hoe benoud en ongemaklik die reis vir haar gewees het, maar sy was so geduldig en tevrede met haar lot, dat alles beter met haar gegaan het dan ons ooit kan verwag het, en op die derde dag kom ons op Brandfort aan, maar in stede dat ons in die dorp bly, gaan hulle omtrent drie

myl van die dorp langs die pad naar Bloemfontein uit-
span

HOOFTUK XIII.

OP BRANDFORT, NOG MEER VERVOLGING EN SMAAD.

Ons dag hulle gaan ons nou naar Bloemfontein bring. 'n Offisier het my ook kom vra, waarheen ek graag sou wil gaan. Ek vertel hom, dat ek 'n huis in Bloemfontein het en daarheen wou gaan, maar dit moes ek nie gesê het nie, want toe moes ons juis naar Brandfort se kamp. Later kom die „Provost Marshal” met my praat en vra my, hoe dit met my siek dogter gaan. Ek vertel hom, hoe ek vrees om haar in 'n tent te bring en vra of hy my nie 'n kamer in die dorp kan laat kry nie, totdat sy herstel sou wees. Hy belooft my om my 'n klein huisie te besorg, maar ek moes dadelik naar die dorp stuur om aanvraag te doen by die dorpskommandant. 'n Hoogbejaarde ou vrind, mnr. Gombart, bied sy dienste toe aan, en gaan toe ook dadelik, maar moes lang ure wag, en eers na baie moeite kry hy uiteindelik verlof en kom dieselfde aand weer terug. Ons kon toe die volgende dag naar die dorp gaan. Dit was 'n baie klein huisie, met twee klein kamertjies en 'n kombuisie; tog was ons baie bly om weer onder 'n dak te kom. Haastig het ons alles uitgepak, 'n katel opgeslaan en 'n bed opgemaak vir ons sieke, en nou kon ons haar enigsins gemaklik maak, en haar minder in watte versmoor. Sy was so dankbaar dat die gskud van die ruwe waens op 'n end was, en dat sy stil kon lê.



Brandfort se Kamp.

Ons het die huisie vroeg in die môre bereik, en ons het alles in orde gehad by 12 uur en wou net 'n stukkie gaan eet en dan gaan rus, maar nee, daar word aan die deur geklop en toe ons oopmaak, staan daar 'n soldaat wat kortaf ons kom aansê, dat ons nog dieselfde middag om 4 uur klaar moes wees om naar die kamp te gaan. Ons het gedink, dat die man fout maak, maar hy sê weer kortaf: "These are the orders and you are to go." (Dit is die orders en julle moet gaan.)

Ella en ek gaan dadelik die "Provost Marshall" opsoek by die hotel, om hom te vra wat dit beteken. Hy het sy spyt te kenne gegee, maar sê dat die dorpskommandant hier baas was, dat hy daar niks te sê het en dat ek maar self naar die Kommandant moes gaan. Dit het ek en Ella ook meteens gedoen, maar helaas te-vergeefs. Hy wou ons geen gehoor gee nie, en so bars en onbeskof sê hy, dat die Intelligence Departement my verkla het en dat ek nie die minste reg het om so iets te vra nie. Ek het nogeens probeer duidelik maak, dat ek alleen in die huis wou bly totdat my dogter gesond was, en dat ek dan gewillig was om naar die kamp te gaan. Sy gelaat word nog kwaaiër en op 'n skerp toon antwoord hy: "You are to go." (Jy moet gaan.) Daarop roep hy sy orderly om my die deur uit te wys.

Toe ek in die ope lug kom, was dit of ek my verstand verloor het, maar Ella gryp my arm en sê: „Moeder, moet tog nie so praat nie, en laat die ellendige kakie nie sien, hoe baie u dit voel nie; vat moed, dit sal beter gaan as u nou dink.” En so gaan ons naar die huisie terug, en o, die liewe Heer het al weer uitkoms gegee. 'n Vrindin (mevr. Gandini) wat toe op die dorp gewoon het, kom my aanbied om my siek dogter by haar in huis

te neem, totdat sy gesond was, en sy het haar met soveel liefde besorg en verpleeg, dat sy haar na 12 dae naar die k mp by ons kon bring, heeltemal herstel. Sy was waarlik 'n vrind in nood.

Dit was nie alles, waarvoor ons dankbaar moes wees nie. 'n Ander vrind het juis 'n groot tent van Port Elizabeth gekry en verkoop dit toe aan my vir twintig pond; die tent was 18 voet lank, 12 voet breed en 12 voet hoog, en was 'n paleis in vergelyking met die beltente wat in die kamp gestaan het. So is ons toe naar die kamp gegaan.

Later vind ek uit, dat 'n ellendige kakie-boer my uit die huisie gewerk het. Ek sal van hom niks s  nie, as dat hy sy beloning daarvoor gekry het, want hy is deur Boer en Brit gesku as 'n lafaard en 'n landverraaier. Hy het die Engelse kolonnes gelei om vrouens en kinders te vang en naar die kampe te bring.

HOOFSTUK XIV.

NAAR DIE KONSENTRASIE KAMP.

Ek moet nie vergeet om u te vertel, hoe ons van die dorp Brandfort naar die kamp gereis het nie. Ons goed was op 'n oop wa gepak en ons kry 'n „buggie” met twee ou donkies voor, sonder 'n koetsier. Ella, Katie en ek moes maar daarin. Ella moes dryf en die ou donkies was vreeslik steeks en elke tien of meer tree gaan hulle staan. Die Tommie wat ons eskort was, sit op 'n perd en moes elke keer wag totdat iemand in die straat die sambok vat en die donkies aan die gang kry; dan weer 'n paar tree en dieselfde moeite weer oor. Die geroep „Jakob, kom Jakob” so dikwels herhaal, moes ons laat lag om te dink

hoe ons altyd gewoon was om met ons rytuig en goeie perde te gaan reis, en nou word ons so verneder deur die kakies.

Op die weg het die 'Tommie weer aangename nuus meegedeel. Hy sê dat ons nie toegelaat sal word om ons eie tent op te slaan nie, maar verplig sou wees om in 'n beltent te gaan, want daar word geen private tente meer toegelaat nie. Wel, ons moet eers naar die tent van die kampakmandant gaan. Daar moes ons ons name, ouderdomme en vorige verblyfplek opgee en meer ander vrae beantwoord. Ek vra hom toe omtrent my tent en met 'n streng gelaat sê hy kortaf: „Nee, ons laat dit nie meer toe nie.” Ek vertel hom dat ek £20 daarvoor gegee het in die dorp en dat my goed nie alles in 'n beltent kan gaan nie en dat ek 'n sieklike dogter verwag. Hy roep toe naar sy assistent om naar die tent te kyk of dit nie te groot was nie, want sê hy, hy kan geen markee soos syne toelaat nie. Die assistent kom na enige minute terug en fluister iets met die kommandant, wat toe hardop sê: „gaan maar en wys waar die tent moet staan.” Die wind waai vreeslik en die stof was so erg dat omtrent 12 man nodig was om die tent op te slaan vir 2 uur lank en ons moes daar in die brandende son en stofstorm staan en wag. Wel, eindelijk was dit klaar en al ons goed daarin gepak.

'n Vrindelijke vrou van die tent langsaan (mevr. E. v. Biljon) het 'n ketel water vir ons gekook om koffie te maak. Dit was baie goed van haar en dit was vir ons 'n heerlike verkwikking. Sy raai ons aan om dadelik een walletjie om die tent te laat maak, die vloer te laat skoffel en smeer. Ons kry gelukkig 'n kaffermeid te huur vir 'n maand wat alles vir ons kon



Links: Edward Roberts, Mev. Le Clus en Dogters.
Regs: Oom Bob Taylor.

doen en ook vir ons kon kook en ons klere was by die spruit. Ons het ook 12 donkerkleurige komberse gekoop en die tent se dak en mure daarmee uitgevoer want die tent was so dun, dat ons snags die maanlig daar deur kon sien en bedags brand die hete son sodat dit ondraaglik was. Ons het alles mooi in orde gesit, tapyt oor die vloer en een van ons gevange Boere het die tent so netjies met pale styf gespan dat dit nou byna so goed as 'n huisie was. Predikant De Bruijn van Brandfort het ons 'n besoek gebring.

Op die iode Julie, haar verjaardag, kom Lucy naar ons terug, heeltemal hersteld, en o, watter stof tot dankbaarheid het ons toe weer gehad! 'n Paar weke later kry ons ons eie predikant vir ons kamp. Ds. De Bruijn het hom naar ons tent gebring om met ons kennis te maak. Hy was die jonge Weleerw. heer ds. Hendrik Pienaar, hulpprediker van Worcester, K.K., (tans van Senekal) wat na ons oorgekom het om in ons kamp te arbei as Leraar.

Ons was toe omtrent 1500 gevangene, maar daeliks kom daar meer, totdat die getal gestyg het tot tussen die vier- en vyfduisend siele. Dit was 'n aaklige toneel om hulle te sien inkom. In die meeste gevalle was die mense goed gekleed, maar dit was al wat hulle nou besit het behalwe 2 of 3 komberse en 'n paar kussings. Sommige het 'n paar kiste met klere en ander nodige goed soos bevoorbeeld 'n katel om op te slaap gehad, maar die meeste was baie arm: hulle beddegoed was min en vuil en hulle het nie eers 'n kateltjie gehad nie, maar moes op 'n matjie of kombes slaap. Dit was swaar en aaklig genoeg vir die gesondes, maar verbeel u wat dit moes gewees het vir die siekes, swakkes en oue van dae. In menige tent

vind ek 'n vrou met 'n pas gebore kindjie en niks meer onder haar dan 'n velmatjie en een kombers, en een of twee komberse oor haar, en een klein kussentjie onder haar hoof.

So het sy dan daar gelê met soms 'n 7 tot 10 tal jonge kinders om haar heen. Almal was in een Beltent wat baie dun was met die gevolg dat dit snags bitter koud en bedags weer brandend warm was. Baie moeders het hulle seuntjies „Ben Oni” gedoop en ek het reeds afspraak gemaak met die moeders om hulle almal tesame te laat fotografeer, maar die arm goedjies het so een na die ander gesterf, dat ons nooit die kans gekry het om dit te laat doen nie.

HOOFSTUK XV.

KAMPLEWE—DIE RANTSOENKAARTE.

Ons kamplewe wil ek probeer beskryf. Smôrens vroeg moet elke huismoeder of liewer tentmoeder gaan, of iemand stuur met die rantsoenkaartjie om vleis te ontvang. Smiddags moet sy weer 'n paar groen houtjies gaan haal by die hout korporaal; dan as die waterkar kom, moet sy haar aandeel water afhaal of anders self water gaan haal by die spruit of put. Al die plekke was ver uitmekaar en dan moes hulle soms ure wag voor hulle beurt kom om gehelp te word, en so gaan dit elke dag. Elke Saterdag moes sy rantsoene van meel, koffie, suiker, en blikkies melk ontvang by die rantsoenkantoor of -tent. Die rantsoene bestaan uit die volgende:— Vir ieder persoon 'n ½-pond vleis per dag; 5½ pond meel, 7 onse koffie, 14 onse suiker, ½-blik melk en 7 onse

sout per week, en een keer in die 14 dae 'n steentjie „Sunlight” seep vir elke tent, al was daar ook 10 of 12 persone in. Op die bietjie kos moes die gevangene lewe en met die stukkie seep vir hulle skoon hou. Was die vleis wat hulle gekry het tog maar enigins eetbaar en gesond, dan sou hulle miskien kon klaar gekom het. Maar o! my oë het nooit tevore soiets gesien nie. Die skade wat vir ons geslag word het self byna van honger omgekom en begryp nou goed watter soort vleis ons gekry het en wat daarby nog baie vuil bewerk was. Die waterkar het elke dag omgekom en elkeen storm dan toe om tog 'n emmer water te kry. Dan wil die Britte nog die arme Boere uitskel vir „Dirty Boers.” Begryp nou, 'n moeder moet met een emmer water 7 tot 10 kinders skoon hou en dan nog daaruit kos kook, ja, selfs die steentjie seep het hulle nie eens gereeld gekry nie, soms maar een keer in die maand.

Daar was lynkorporaals aangestel in die kamp. Hulle moes toe sorg dat die tente en die omgewing skoon gehou word en dat die beddegoed gelug word. Dit was baie goed, maar soms word dit oordryf, want dit moes buite lê totdat die son so warm daarop brand en die stofstorm dit heeltemal toegepak het met sand, sodat dit vreeslik verniel het.

Die vroue durf geen hout kap naby hulle tente nie, maar moes dit naar 'n plek deur die korporaal aangewys, soms 'n honderd of meer tree van die tent, neem en daar kap. Hulle moes ook sorg dat die as en enige vuilgoed naar 'n gat daarvoor gemaak buite die kamp gedra word. So kan u begryp, waarde lesers, dat elkeen genoeg te doen gehad het elke dag. Die brood werd in oonde gebak deur elke moeder of dogter self. Die oonde was ook ver van die



Vir hout ontvang.

tente gebou en honderde het hulle brood in gate wat hulle in die walle van spruite gegrawe het, gebak.

Al die klere moes ook in die spruit gewas word, en hoe aaklig het die water daaruit gesien. Ons was almal so dankbaar as daar 'n reënbui kom om al die vuil water weg te spoel.

HOOFTUK XVI.

SONDAGDIENSTE ONDER DIE MIMOSABOME.

Wat ons leed 'n weinig versag het, was dat ons Sondag 'n goeie preek kon aanhoor. Eers word die dienste in 'n seilkerk (dit is 'n kamer met 'n houtraam en met seil oorgetrek) gehou. In die weekdae word dit vir 'n skool gebruik en in die namiddag vir bidure. Die vertrek was spoedig te klein vir die Sondagdienste. Ons predikant het toe 'n mooi plek uitgesoek, onder die mimosadoringbome, en daar onder die blote hemel, in die skaduwee van die bome, het ons baie geleer van die profete uit die Psalme en die Nuwe Testament, wat alles goed op ons toestand toegepas werd deur ons jeugdige leraar. Die uurtjies was soos koel waterbekies in 'n dorre woestyn. Die eerste 6 weke gaan verby met die begrafnis van een of soms twee lyke op 'n dag, en dit was vir ons almal baie droewig, dog dit was maar die begin van die ellende.

Skielik kom daar 'n order dat al die private tente verplaas moes word en in 'n aparte plek moes opgeslaan word, nie ver maar opsy van die Beltente. Pas was ons 'n dag of ag daar of die masels, kinkhoes en witseerkeel begin uit te breek en my jongste dogter, Katie, was onder die eerstes wat die masels gekry het. Intussen is

my broer Edward en sy vrind, mnr. Robert Taylor, by ons aangekom. Die vyandige kolonne het Hoopstad weer opgesoek en al die vroeër agtergelatene gevange geneem en naar Bloemfontein se kampe vervoer. My broer en sy vrind werd in die mans prisonierskamp gewerp en my arme ou sieklike skoonsuster alleen in dië vrouekamp gesit. Omtrent 14 dae later word my broer en sy vrind, Oom Bob, soos ons hom later genoem het, naar Brandfort se kamp gestuur en ons was baie bly om hulle weer te ontmoet. My broer was so bly om ons en veral Lucy weer te sien, want hy het gehoor dat sy gestorwe was van die Belroos, en dat ons haar op die pad naar Brandfort begrawe het. Hy het ook 'n brief van medelyde van die Bloemfonteinse kamp geskryf en O! hoe bly was hy toe hy haar weer in lewe en gesondheid ontmoet. Hy was egter baie verdrietig dat sy sieklike vrou in die Bloemfonteinse kamp alleen agtergelaat was.

Pas was Edward en oom Bob 'n paar dae by ons toe Katie die masels kry. Nou, ek moes dit aan die Korporaal, wat elke dag rondgaan om te sien of daar siekte in enige tent was, rapporteer. Dan werd die mense naar die maselskamp gebring. Daar was ook 'n witseerkeelkamp, behalwe die hospitale. Ek vra toe die korporaal of ek nie maar in my tent kon bly, maar hy kon dit nie toelaat nie. Ek moes self naar die Hospitaal-dokter gaan en hom 'n permit vra, maar toe ek daar kom sê hy dat dit nie deur hom sou toegelaat word nie. Ek moes dadelik naar die maselskamp gaan met al my mense en goed en in 'n Beltent gaan bly. Ek mog my groot tent nie meeneem nie. Ek pleit by hom en sê hy moet dit tog in oorweging neem, dat ons vier groot vrouens was, twee ou manspersone en die meisie wat siek was, 'n dogter van 15 jaar,

en dat dit tog onmoontlik was onder die omstandighede om almal saam in een beltent gepak te word; ook sê ek, dat my broer en sy vrind maar kon agterbly in die groot-tent, dan sou ek tevrede wees om met die meisies te gaan, maar hy word ongeduldig en roep uit : „Wat, dink jy dat ek gaan onderskeid maak met jou, julle is maar 6 persone en daar moet 8 in 'n beltent gaan, nee! julle moet almal gaan.” Ek voel toe ook baie bitter en sê op ongeduldige toon : „Dit lyk my Dokter, of jy ons liewer wil dood as gesond maak.” Hy word toe boos en skree teen my : „Jy moet met my geen nonsens kom praat nie, maak dat jy hier wegkom, hoor jy !” En wat dink u, geagte leser, nou? Die Dokter was nogal 'n Hollander. Ek moes toe maar heengaan, maar ek kry die gedagte om die assistent Kampkommandant vir 'n tweede beltent te vra, en gelukkig ook, want hy neem die verantwoordelikheid op homself en gee dit aan my en so het ek tog 'n aparte tent vir my broer en oom Bob gekry en kon ons ook ons kos in hulle tent hou en dit ook daar geniet. Dit was baie goed van die assistent. Die jongkêrels wat ook as prisoniers in die kamp was, het toe my siek dogter op 'n katel naar die maselskamp gedra. Die kamp was omtrent 'n duisend tree van ons kamp. Ons het 'n groot deken oor die katel vasgemaak, sodat sy geen verkoue kon vat nie. Die eerste paar nagte daarna was sy erg siek, die koors styg hoog en ons moet beurtelings voor haar bed op die knieë bly, om sorg te dra dat sy die komberse nie afgooi nie en sodoende kou vat. 'n Engels-Afrikaner dokter was gelukkig aangestel vir die maselskamp se pasiënte en ek noem graag sy naam, Dr. Arnolds, want hy was baie goed vir ons en het ons goed voorsien van medisyne, asook van soep en jellie vir ons



Godsdiens deur Ds. H. Pienaar gehou.

Katie, sowel as vir al die ander kranke, wat onder sy beheer was. Hy het my stilletjies gewaarsku om tog nie die medisyne van die kampdokter te gebruik nie, en gesê dat hy my van ander medisyne sou voorsien. Twaalf dae daarna was Katie heeltemal herstel.

Intussen word daar 'n groot getal ander tente opgeslaan, maar met die ander pasjente het dit nie altyd so goed afgeloop nie. Baie kinders, jongmeisies en ook vroue het gesterf. Mej. Ernst van Biljon, van wie ek vroeër melding gemaak het, was die eerste groot vrou wat aan die masels gesterf het. Sy was naamlik diegene, wat vir ons die water gekook het, en lekker koffie gemaak het, toe ons in die kamp gekom het. Haar tent het altyd naas onse gestaan. Sy het ses seuntjies gehad. Die jongste sterf toe ook aan die masels. Die ander 5 kry dit ook, maar bly gespaar. Dit was treurig toe hulle sonder hul liewe moeder naar die gewone kamp terugkeer.

O, nou begin die siekte so toe te neem dat daar elke dag meer en meer sterf, totdat die getal lyke toeneem tot 30 per dag, wat grafwaarts moes gedra word. Doodkiste van allerlei soorte van planke word gemaak, ja selfs van melkkassies of enige ou plankies van negosiekiste. Dikwels word twee kindertjies in een kisse saam gelê, wat nie eers aan mekaar verwant was nie en dan word daar tot ses kisse in een gat begrawe. O, die gehuil en gekerm van die moeders was vreeslik om aan te hoor.

Ons jong leraar kom op seker middag by ons in die tent sit, en het daar so bleek en stil uitgesien, dat ek skrik en dink dat hy ook nou sou gaan siek word. Ek vra hom wat hom makeer. „Og,” sê hy, „vergeef my tog die swakheid, maar ek kan nie langer aanhou om so baie mense elke dag te begrawe nie, die gehuil van die

moeders hoor ek selfs wanneer ek in die nag in my tent probeer slaap en dan word ek somaar nugter wakker. Ek het vir die laaste paar weke byna nog geen slaap gehad nie en dit werk natuurlik op my senuwee." Stel u vir 'n oomblik in sy plek, dan sal u kan verstaan hoe bitter dit vir 'n gevoelige Kristen moes wees. Die ouderlinge het die dag sy plek geneem en later dikwels weer. My broer Edward het ook verskeie male die taak moes waarneem.

HOOFSTUK XVII.

HONGER, SIEKTE EN MISHANDELING.

Sake het hoe langer hoe erger in die kamp gegaan. Die mense word so swak van die bietjie en daarby slegte voedsel, wat hulle verskaf word, dat hulle by die minste aanval van siekte sterf. Die bevel word uitgevaardig, dat niemand enige huismiddel mog kry nie, want die Engelse verklaar, dat die moeders hulle kinders doodmaak deur hulle blou vitriool in te gee of met groen verf te smeer. O, mede-Afrikaners, u weet almal watter groot en gruwelike leuens dit was. Die winkeliers in die kamp word belet enige medisyne aan ons te verkoop en nie eers 'n druppel brandewyn of wyn mag die mense kry nie of hulle moes eers 'n sertifikaat van die dokter kry, sodat as iemand flou word, dan moes hulle wag tot die volgende môre om 10 uur en dan naar die hospitaal gaan om medisyne te vra, en dan nog geduldig hulle beurt staan en afwag, want daar was 'n wit streep getrek, wat niemand mag oortrap nie. Daar staan hulle soms 'n uur of meer te wag tot hulle beurt kom om te sê wat hulle wil hê, en word hulle soms deur hoë nood gedryf om voor hulle

beurt te praat, dan word so een die laaste verhoor. U kan u wel verbeel, hoeveel swakkes beswyk het, omdat daarmee so lang gedraal is, eer hulle enige medisyne kon kry.

Dan weer was dit vreeslik om te sien hoe elke sieke gedwing word om naar die Hospitaal te gaan, teen hulle sin en hoe 'n moeder ook mag smeek, haar liefeling, groot of klein, word van haar afgeskeur en naar die hospitaal gebring op 'n draagbaar. Ja, menige suigeling word van moedersbors weggeruk om aldaar meesal deur onkundige en selfs ook ontroue meisies verpleeg te word. Daar was sommige seer goeie meisies werksaam in die hospitaal, maar hulle was uitsonderinge. 'n Seer goeie verpleegster het daar dan ook skielik siek geword en gesterf. Sy was 'n jongejuffrou Jung, 'n Sweedse dame, wat baie goed vir die boervroue en kinders in die hospitaal gewees het. 'n Eerlike vrou, wat self in die hospitaal siek gelê het, het my vertel hoe sleg die kinders behandel word. As die arme skapies woelig in die bed was dan word hulle die hele nag op die bed vasgegespe en soms het dit gebeur dat 'n kindjie omtrent 'n uur of wat voor die dood nog 'n paar harde klappe gekry het om dit sodoende deur vrees stil te maak.

Om nou weer naar die tente terug te kom. Die mense het so erg gesterf dat dit later nie meer nodig geag werd om hulle eers naar hospitale te bring nie. Ek wil u die geskiedenis van een tent as voorbeeld uit honderde andere vertel. Dit was van seker famielie Pienaar, wat saam in een tent was met seker mev. Le Roux. Die vrou het self 3 of 4 kinders gehad, en mev. Pienaar met haar moeder en vyf kinders was almal saam in die tent gestop. Die heer Pienaar was krygsgevangene in die Groen-

punt kamp by Kaapstad. Eers word drie van die kinders siek en het almal gesterf, toe word die ou moeder siek en sterf ook. Toe die vrou van Pienaar siek word en vra dat hulle haar man moes laat kom, stuur die vyand hom verby naar Winburg se kamp. Ook die vrou het gesterf en eindelik ook die laaste twee kinders, en toe eers word Pienaar toegelaat om die twee laaste lykies in die tent van die dooie te kom sien. So het die vyand gedink om ons alle moed te ontnem en ons te laat ingee, maar dit was seer dwaas van hulle want dit het ons te meer verbitter en daar is nou 'n rassehaat daaruit voortgespruit wat nooit sal uitgewis word nie.

HOOFSTUK XVIII.

9 AUGUSTUS, 5 SEPTEMBER EN 7 OKTOBER.

Van die 7de tot die 9de Augustus 1901 het ons President en Veldoffisiere as biddae vasgestel, en ons het almal daarvan tyding gekry. Gedurende dié dae word daar dan ook spesiale bidure gehou, om die Koning der Koninge te dank vir die hulp en krag totnoutoe verleen aan ons klein volkie, en om te bid vir verder seënninge.

Toe kom daar van Lord Kitchener weer 'n seer driftige proklamasie dat die Boere almal moes inkom en hulle wapens aflê op die 15de September 1901, vergesel van vreeslike dreiemente in geval hulle dit nie doen nie. Maar hulle het desnieteenstaande tog nie ingekom nie, maar geveg met meer moed as ooit tevore.

Ons sal die 15de September 1901 nooit kan vergeet nie, want ons had 'n vreeslike storm. Dit het reeds die

vorige nag begin en het omtrent 30 uur lank aangehou. Om 12 uur v.m. op die dag was die wind en reën so sterk, dat my broer, oom Bob, my drie dogters en ek saam nie in staat was om die tent staande te hou nie. Ek het in bed gelê met 'n swaar hoofpyn en het nie heeltemal gesond gevoel nie, maar ek moes in alle haas uitspring, want die tent het omgeval en dit was 'n wonder dat niemand seer gekry het nie. Die nokpaal was middeldeur gebreek en met die val het die twee steile van my katel afgebreek. As ek in bed gebly het, sou die paal my seker getref het. Ons moes toe maar almal op die beste manier uitkruip, en toe sien ons die vreeslike verwoesting buite. Dit het nou al ure lank hard gereën, alles was onder water en 'n menigte tente was omver gewaai. Sommige van hulle was heeltemal in repies geskeur en dus nuttelos. Ook die hospitaal markies was omvergewaai. Die arme siekes was onder die seile uitgehaal en naar ander tente gebring. Die markietent van die kampkommandant was ook omgewaai.

Ons moes toe in beltente gaan tot ons tent weer reggemaak was. Ek was toe so dankbaar, dat ek my broer by my gehad het, want ek sou die tent nie weer gemaklik in orde gekry het nie. Hy het die nokpaal met ysterplate laat las en alles laat repareer en toe word die tent opnuut opgeslaan en aan klipankers, wat in die grond geplant was, stewig vasgeheg. Ek het die vloer toe hoër laat maak en 'n muurtjie van omtrent 12 duim daarom laat bou. Dit het toe so vas as 'n huis gestaan. My broer het toe ook hout gekoop om 'n tent vir homself op te sit, sodra as sy vrou van Bloemfontein naar die Brandfortse kamp sou kom. Die manne wat vroue in ander kampe gehad het, het daeliks applikasie gemaak om hulle vroue naar hulle

kampe te kry, en my broer het dit ook gedoen en met verlange het ons uitgesien elke dag naar die koms van suster Kate. Eindelik breek die 7de Oktober, 1901 aan, en ons verneem, dat suster Kate die dag sou kom met 'n getal ander vrcuens en kinders. Ons was tog so bly, want sy was alreeds meer dan ag weke alleen in die Bloemfonteinse kamp, en die middag kom sy ook aan met die trein, maar in 'n beestrok. Daar het sy nie voor omgee nie, solank sy maar weer by haar eggenoot en by ons kon wees. Maar die Engelsman het weer 'n plan uitgedink om ons volkome hartseer te maak. Hoor nou wat die wreedaards alles gedoen het om ons droefheid aan te doen. Sodra suster Kate die kamp ingekom het, moes my broer daar uit. Hy moes weg met die trein naar Bloemfontein en het slegs 'n paar minute tyd gekry voor die Kommandant se tent, om afskeid te neem van sy vrou. Ook ons twee jong vrinde Siebert en Botha moes met hom mee. Toe Sieberts sien hoe erg verdrietig my ou suster was, het hy haar getroos met die woorde: „Ag, mev. Roberts, ons kan nie verstaan waarom die liewe Heer dit toelaat nie, maar ek het nou al geleer om te sê, waar ek die weë van die Here nie verstaan nie dat ek maar slegs sal volg waar Hy my wil lei, want ek weet dat Hy my nie verkeerd sal lei nie. Die woorde van die jong man het ons baie te pas gekom en was ons tot groot troos en sterkte.

Wel, my broer word naar Bloemfontein vervoer. 'n Week later stuur hulle hom by ons kamp verby naar Lady-smith en later word hy oor Durban naar Indië verskeep. Wonderlik is dit dat hy op dieselfde plek te land gekom het waar my man enige maande tevore heen gestuur was, naamlik in Ahmednager se fort in Indië. Daar was hulle saam vir enige maande, toe hulle weer van mekaar geskei

word, want die Kakies stuur my eggenoot toe weer verder naar Amritzar se fort, wat 'n nog warmer plek was as Ahmednager. Een geluk het ons gehad dat ons eenmaal elke maand briewe van my eggenoot en van my broer gekry het wat ons baie opgebeur het om telkens te hoor dat hulle nog wel naar liggaam en siel was in weerwil van al die smart wat hulle moes verduur, en so bly hulle daar tot aan die einde van die oorlog en het by ons terugekom op die 21ste Augustus 1902. Hoewel hulle daar baie verouderd en vermagerd uitgesien het, was hulle tog gesond. Die Heer was waarlik hulle leidsman en beskermer gewees, en hoe kan ons Hem ooit naar waarde dank en loof vir Sy goedheid. Ons tonge is daartoe te swak en woorde kon ons daarvoor nie vind nie.

HOOFSTUK XIX.

iets meer van die kamplewe.

Intussen moes suster Kate by ons in die Brandfort kamp bly en dit was 'n groot troos, dat ons tog bymekaar was. Ons het so gou moontlik haar tent naas onse laat opslaan en so het ons tesame geleef en getrag om nou maar tevrede te wees, en die beste van alles te maak. Arme Kate was baie swaar verkoue en kon snags byna nie slaap van die hoes nie. Ons het almal ook maar swaar gely aan die verkoue, want elke reen wat kom maak alles nat en dikwels staan my dogters die hele nag deur die tent en vashou teen 'n sterk wind en reën, sodat wanneer die môrelik aanbreek, hulle almal deur en deur nat was. Ek dink ook nog menigmaal hoe goed hulle vir my was. As dit snags so koud was dan sorg hulle en veral Ella, dat ek



Mev. Smith.
Mev. De Kock.

Mev. Le Clus.
Mev. Roberts.

'n bottel warm water by my voete kry, want ek kon van koue sterf en as ek koud in my bed was dan dag ek aan sovele andere in die kamp wat so veel minder beddegoed het as ons en dit het my die koue nog meer laat voel. Ag, as iemand dit nie self deurgegaan het, wat in die kampe gely werd, dan kan hulle ook nooit al die smarte en ellende begryp nie. 'n Mens kan dit nooit alles op papier sit nie.

Oom Bob het ook 'n tyd lank sy eie tent gehad en ons het vir sy ete gesorg, maar later kry hy verlof om naar Pretoria te gaan naar sy kinders en alhoewel ons hom gemis het, was ons tog regte bly dat hy kon gaan. Hy het sy tent toe aan ons Predikant present gegee, en ons het die so dig en gemaklik gemaak as ons maar kon, want ons het dit ons Pastorie genoem. Die Weleerw. Pienaar sou tog nie lank meer bly nie, want sy tyd was verstreke en dan sou die Pastoretent weer klaar staan vir 'n ander Predikant. Toe ds. Pienaar op Bloemfontein aankom, op reis naar Worcester, moes hy weer terugkeer naar Brandfort.

Ek moes u eers verhaal het hoe ons afskeid van hom was. Dit was bitter om vaarwel te sê aan Kerk, Sondag-skool en ander belangrike samekomste. Ons het hom vaarwelliedere toegesing met bewende stemme, want hy het hom waarlik beminlik gemaak deur die ganse kamp. Hy het waarlik hard gewerk deur met raad en daad te troos, te help en te leer, ja, niemand kon harder werk as hy gedoen het nie. Toe hy naar Brandfort kamp teruggestuur is, was dit seker teleurstellend vir hom, maar verblydend vir ons. Maar die vreugde het ook nie lank geduur nie, Engelsman weet alleen waarom hy hom naar die prisonierskamp op Bloemfontein gestuur het, want kwaad het hy

tog seker nooit gedoen nie. Deur die invloed van ds. Robertson het hy daar uitgekóm en is hy naar Worcester gestuur.

HOOFTUK XX.

'N GROOT OPSKUDDING.

Op 'n goeie dag, vroeg in die maand November 1901, hoor ons 'n onaangename geraas in die kamp, en toe ons buite ons tente kom, sien ons enige honderde vroue bymekaar. Hulle was op weg naar die Kampkommandant om te kla oor die slegte vleis wat hulle kry, en hulle het ook goeie rede gehad om te kla, want die rantsoene was maar nog so sleg en klein en die mense sterf van honger. Menige moeder was radeloos as haar kinders huil van honger. Dit was ook 'n feit dat daar iets verkeerds opgemerk werd deur iedereen in dié kamp, wat die eetware, wat aan hulle gegee was, betref. Bevoorbeeld as ons ons koffie 'n paar minute laat staan het, was daar bepaald 'n groen rand in die koppie of bekertjie te bespeur en as ons die suiker aanmaak met water, dan word die water ook groen en die meel was ook nie altoos suiwer nie.

Toe die vrouens vra om die Kommandant te sien, stuur die meneertjie die Engelse dokter naar hul om te vra wat hulle wou hê. Die vrouens antwoord, dat hulle beter vleis wil hê, want hulle kon nie langer die vrekvleis eet nie. Die dokter roep hul in Engels toe: „Gaan naar julle tente en was julle vuile gesigte, dan sal julle nie meer doodgaan nie, want julle gaan van vuilheid dood.” Toe word die vrouens woedend en een van hulle haal 'n klein Transvaalse vlag te voorskyn en almal sing die Volkslied

so hard as hulle maar kon. Dit word toe dadelik as 'n oproer beskou en die boerpoliesie word geroep om die belhamels te vang en in die prisonierskamp te bring, maar die vrouens skaar hulle om die leiers heen en wou nie toelaat dat die poliesie hulle neem nie. Toe begin een van die poliesie die vrouens met 'n stok te slaan. Met die eerste slag tref hy 'n vrou op haar hoof, sodat die bloed oor haar gesig stroom. In 'n oogwenk gryp die vrouens stene, bottels en stukke brandhout en verdedig hulle, sodat die poliesie moes vlug naar hul kommandant. Hy kom toe self met die poliesie en eis die voorganger op, maar hulle weier om haar uit te lewer, want hulle was woedend omdat die lae boerepoliesie hulle so behandel het. Toe dreig die Kommandant hulle met die Tommies, maar die vrouens roep uit: „Ja, stuur die Tommies, want ons sal liever met hulle gaan dan met die lae Hansoppers.” Toe moes hy stuur naar die dorp en die Tommies kom te perd en gewapen. Toe gaan die vrou wat die vlag opgesteek het met haar kinders naar die prisonierskamp en daar moes sy sowat 2 maande bly. Dit was nie so 'n groot straf want al wat sy nodig gehad het moes vir haar aangebring word. Terwyl sy in ons kamp was, moes sy al die vuil werk self doen. Die uitwerking was goed, want van die tyd kry almal in die kamp beter vleis en by die ander rantsoene soms 'n weinig uie en ertappels, rys en bottels aangemaakte melk vir die klein kindertjies.

Dit was hoog tyd dat die arme kindertjies ook beter kos gekry het. Op een aand kom ek in 'n beltentjie waar 'n uitgeteerde kindjie lê en sterf. Ek kan nooit beskrywe hoe maer dit daar uitgesien het nie. Dit was 'n geraamte met 'n dun velletjie daaroor getrek en dit net van honger. Ons het toe melk vir hom gekry, maar dit

was reeds te laat. Dit het die volgende dag gesterf. Ek dink die kindjie moes omtrent 2 jaar oud ge-wees het. Die dag na die vleisgeveg word ek gedagvaar om voor die Kommandant te kom. Ek gaan en my dogter Ella vergesel my, om te hoor wat dit beteken. Ek word toe beskuldig dat ek die aanspoorder was van die oproer, maar ek wis daar totaal niks van af nie. Alleen het ek die spulletjie aangesien van my tentdeur af. Die Komman-dant waarsku my, dat as hy iets teen my of my dogters uitvind, hy ons sou straf net soos een van die andere. Ek antwoord: „Ja, dit kan jy maar doen, jy behoeë geen onderskeid te maak, want ek is 'n Afrikaner net soos die andere.”

Ek moet tog 'n grappie vertel wat ons gehad het nadat die oproer verby was. 'n Vrindinnetjie van ons, wat ook ongelukkig meegesleep was met die oproer, kom by ons 'n paar dae later sit en praat in ons tent. Sy was 'n baie liewe en saggearde vrou, wat altoos ewe lang-saam en sag gepraat het en niks kon haar langsame spraak verander nie. „Ag, liewe Drienie,” sê ek teen haar, „jy wil tog nie sê dat jy ook die boerpoliesie ge-slaan het nie?” „A ja... hoe... kan... ek... dan... staan... as... hulle... my... maat... so... slaan?” „En wat het jy dan gedoen?” vra ek haar. „Ek het 'n bottel... gegryp... en... hom... oor... sy... nek... geslaan... en... hy... val... agteroor... en... ek... skrik... so... groot—ek... dink... somaar... ag... liewe... hemel... nou... is... hy... dood.” die gedagte dat sy 'n man sou kon doodslaan was so bespotlik, dat ons hartlik daarvoor moes lag. Sy was dan ook daarby maar 'n klein vroultjie.

HOOFSTUK XXI.

HULP VAN DIE BOLAND.

Ek moes u alreeds vertel het, hoe die liewe vrinde en vrandinne uit die Kaap Kolonie ons gedurig te hulp gekom het deur kiste klere, kos en ander benodighede, soos medisyne, ens., naar ons kamp te stuur om aan die nooddruftige uit te deel. Sodra ons leraar Ds. Hendrik Pienaar, in die kamp gekom het, het hy my gevra, om 'n Komitee te kies om die goed uit te deel. Ek kies toe Mevr. Ignatius du Bruyn, Mevr. Stefanus le Loux en Mevr. Piet van Biljon. Ons moes sorg dra vir die vroue en klein kindertjies, terwyl daar 'n ander Komitee van manslede aangestel werd om vir die mans en jongetjies te sorg. O, ons sal nooit vergeet hoe baie goed die liewe vrinde uit die Kaap Kolonie vir ons arm mense gestuur het nie. Ons het dit grotendeels aan hulle te dank dat honderde lewens gespaar gebly het, wat anders van honger sou moes vergaan het sowel as van koue. Die liewe hemelse Vader sal ook die goeie daade rykelik vergelde en hulle almal seën, tot in hulle laaste nageslag.

Wel, dit spyt my om te moet sê dat dit hiermee ook nie al te goed gegaan het nie, want in die eerste plek het die Engelse al die brandewyn en wyn aan die hospitaaldokters gegee en dan moes hulle aan elkeen wat dit nodig kry, en wat 'n dokterssertifikaat het, dit uitgee en soos ek tevore gesê het, is menigeen aan floute in die nag beswyk, wat anders gelaaf kon geword het, omdat die dokters eers die volgende dag kon bekom word om 'n sertifikaat te verkry, want niemand kon 'n dokter in die nag laat roep, omdat elkeen in sy of haar

tent moes bly van nege uur in die aand tot smôrens vroeg, en dan nog kon hy of sy eers om tienuur naar die hospitaal gaan om 'n dokter te sien. Ook het ons veel moeite gehad met die uitdeel van kos en klere, want dit was moeilik om tevredenheid te gee aan almal. Die een dink altyd dat sy dit meer nodig het dan die wat dit gekry het, maar ons het getrag om altoos so regvêrdig moontlik te handel, en as ons foute gemaak het hier of daar, dan moet ons ons maar troos met die gedagte dat ons ons bes gedoen het, en dat niemand meer as dit kan doen nie. Die klein sakkies met so baie nuttige dinge gevul, soos naalde, spelde, vingerhoede, gare, seep en lappies, selfs soms 'n poppie, was 'n groot verrassing en blydschap vir die arme vroue en meisies, veral wanneer hulle aan die herstel was in die hospitaal. Hulle het my elke Sondagmiddag 'n uur toegelaat om die hospitaal te besoek en die siekes te sien, en dan het ek hulle vertel dat die Bolandse vrinde die geskenke aan hulle gestuur het, en ek word oor die algemeen gevra om te skryf aan die vrinde en hulle vir al die liefde en sorg te bedank. So, liewe vrinde, wil ek u almal nogmaals in die boekie hartlik dank, in naam van al die gevangene van die Brandfort-kamp, vir u liefdadigheid aan hulle bewys en veral ook die liewe klein kindertjies van die Boland wat soveel vir ons gedoen het.

HOOFSTUK XXII.

GEDAGVAAR, VALS BESKULDIG EN NAAR
BLOEMFONTEIN GESTUUR.

Op sekere dag gedurende die maand November 1901, was ek weer baie besig om die tente van die arme en nooddruftige te besoek, toe ek een tent kry waar ek 'n paar oumense sien, 'n man met sy vrou, wat aan weerskante van die tafel sit en eet, of liewers moet ek sê, hulle het probeer om hulle middagmaaltjie te eet, maar die trane loop so oor hulle wange dat hulle weinig lus had om dit te eet. Ek sien dadelik dat hulle erg verdrietig was en ek lê my arm om die hals van die ou dame en vra haar: „Ag, suster, wat maak u tog so verdrietig? Sê my, want ek kom om te sien of ek iets vir u kan doen.” Sy verhaal my toe met diepe aandoening, hoe 'n Engelse kolonne vier maande tevore op hulle plaas gekom het, en hulle twee dogters, van negentien en drie-en-twintig jaar oud, van hulle weggeneem het ter middernag, terwyl die ou heer siek in bed gelê het, en wat hulle eerste gevoel het was, dat hulle nie eers wis of daar ook ander vrouens by die kolonne was nie, en of die meisies die enigste was en nou was dit reeds vier maande en hulle het nog geen tyding van hulle nie. Dit was vir hulle vreeslik om te dink wat die arme meisies moes deurgestaan het. „Ag,” sê die moeder, „as ek maar wis dat hulle dood was, sou ek dit beter kon verdra.” Ek kon my trane nie weerhou nie, en spreek hulle soveel moed in as ek maar kon en beloof om my bes te doen om uit te vind waar die meisies heengestuurd is. Maar ek het nie veel kans gehad om dit uit te vind

nie, want toe ek die middag by my tent terugkom, wag my reeds 'n teleurstelling. Maar na die oorlog oor was, het ek gehoor dat die meisies eindelijk gevind werd in die kamp van Bethulie, nadat hulle meer dan 'n jaar vir hulle ouers verlore was.

Wel, nou wil ek u vertel, wat my teleurstelling was. Sodra ek die tent binnetrap vertel my dogters my, dat die kampkommandant my weer laat roep het. Ag, wat sal dit nou weer wees? vra ek. Na die ete gaan ek hoor wat dit was. Op weg daarheen ontmoet ek weer 'n boodskapper, wat sê dat ek haastig moet kom. Toe ek die markie van die kommandant binnetree, kry ek doodeenvoudig die order, dat ek nog dieselfde middag om halfvyf met my dogters en al my goed op die stasie moes wees. Hy sou 'n wa stuur om ons op te laai en daarheen te laat bring. Ek vra waarom ek moes gaan, maar ewe buffelagtig roep hy my toe: „Dis orders wat ek gekry het, en jy moet gaan en maak gou, want jy het skaars twee uur tyd.” Begryp nou, die groot tent, wat ons so vas gemaak het, moes afgehaal en alles nog ingepak word in die kort tyd. Ek het ook nog 'n Amerikaanse orrel in my tent gehad wat ek gehuur het van 'n ander vroujie, wat ver van ons in 'n tent gebly het, en die orrel moes ek ook terug besorg aan haar tent. Gelukkig het ek baie vriende in die kamp gehad en dit was 'n aardigheid om te sien hoeveel mense daar om ons heen geskaar het, en alhoewel hulle baie verdrietig was, omdat ons moes weggaan, terwyl ons nie eers wis waarheen nie, het hulle ons tog in alleryl gehelp om in te pak. Die vrouens help met al die los goed en die mans met die tente. So het hulle alles netjies gepak en op die wa gelaai. Ek het regte dankbaar gevoel vir die

liefdedade en was in my hart treurig om van hulle te skei, maar wonderlik om te sê ek het nog die krag gehad om hulle op te beur en hoewel daar 'n traan op menige gelaat was, het ek geen traan gestort nie. Wat my die swaarste was, was om my suster Katie weer agter te laat. Daar staan sy te huil en, ag, wat kon ek doen, sy moes maar agter bly, want daar was geen tyd om ook haar tent af te haal en haar goed in te pak nie. Ook wis ek nie in watter moeilikheid ek haar kon sleep en so moes sy dan maar alleen agterbly.

So kom ons Brandfort binne. Ella en Katie moes naar die kantoor van die dorpskommandant om die beskuldiging te hoor wat teen ons ingebring is. Ons was dan beskuldig van „Injudicious talk” (onverstandige taal). Dit wil sê ons het onverstandige of liewers onverstandige praatjies in die kamp gevoer.


Hulle sou ons naar Bloemfontein stuur om gestraf te word. „Ja,” sê Ella, „u kan dit maar doen, maar ons weet dat ons onskuldig is, en ook weet ons wat ons weer te danke het aan die lae Afrikaners wat in die kamp is.” Die offisier kyk haar stip aan en sy kyk hom ewe stip aan, en na 'n oomblik sê hy: „Ja, jy het gelyk, dit is 'n Afrikaner wat u beskuldig het, maar ek glo wat u my sê, ek sal dadelik 'n brief skryf naar Bloemfontein en met die offisiere meestuur wat u naar Bloemfontein moet bring, en sê dat dit slegs 'n verandering van kamp moet wees en nie soos voorheen gesê is nie. Hulle het ons toe naar Bloemfontein met 'n passasierstrein gestuur (nie in 'n beestrok nie soos hulle meesal die vrouens heen en weer gestuur het), en alhoewel ons bemerk het dat ons bewaak word het ons bewaarder nooit in ons kompartement gekom of met ons

gepraat nie, totdat ons op Bloemfontein aangekom het omstreeks aguur in die aand. Ons moes daar op die platform bly staan vir omtrent 'n uur lank, toe het die offisier ons aan 'n Afrikaner by die naam van Pansegrouw afgegee, om vir die nag te bewaak. Pansegrouw wis ook nie wat om met ons te maak nie want eers vra hy of ons in 'n tent sou gaan wat naby die stasie was, omring van Tommies, maar dit wou ek nie doen nie. Toe vra hy my of ons naar 'n stilstaande trein sou gaan en die nag daar deurbring. Dit het ons dan ook die beste plan gevind. Dit was baie koud die nag, hoewel dit November was, en ons het geen beddegoed by ons nie, net ons jaste en 'n kosmandjie. Pansegrouw het toe kookwater en tee gaan haal en so het ons tog iets te ete en drinke gehad voor ons gaan slaap het. Pansegrouw het toe die kompartement toegemaak en weggegaan, maar gewapende Tommies het die hele nag op en neer langs die koepee gestap.

Die volgende môre vroeg kom Pansegrouw weer met 'n beker gekookte water en ons maak toe koffie en eet weer 'n stukkie, maar daar moes ons bly tot negeuur, totdat die kantoor van die „Provost Marshall” geopen sou wees, toe moes ons daarheen om te hoor wat met ons sou gebeur. Pansegrouw kry 'n keb waarvoor ek, nota bene, maar net 10/- moes betaal, en bring ons naar die kantoor. Die wind waai koud maar daar moes ons sit, tot omstreeks elfuur, eer ons wis waarheen. Eindelik kom die order dat ons naar die vrouekamp moes gebring word. Daar aangekom, word ons in 'n aaklige beltent gestop, met twee van ons verebeddens, wat hulle die namiddag naar ons gebring het, ook 'n trommeltjie, met die klere van Lucy en die kosmandjie.

het sewentien dae geduur en met baie moeite en skrywe naar Brandfort het ons dit toe eers gekry en moes 8/ryloon betaal om dit van die stasie naar Caxton Huis te kry.

Ag, ek kan u nooit sê hoe swaar die vyf volgende dae was. Die son brand so heet en as 'n reënvlagie kom, dan was die tent so dun dat die water somaar deur kom, en in die nag op die verebeddens sonder 'n katel te slaap, was so hard dat ons sonder rus en vol pyn opstaan. Maar nogtans moet ons erken dat ons dit nie so swaar had as honderde van ons medemense nie. Veral dink ek weer hoe my broer Edward en oom Bob ses weke lank in die buitelug moes slaap in die bitter kou winternagte, toe hulle op Bloemfontein as krygsgevangene was en elkeen slegs een kombers gehad het. Honderde vrouens en kinders werd in die dag in vee-trokke vervoer, wat nie eers skoongemaak was nie, en suster Katie Roberts het ook die ondervinding gehad. Ek sal u van tante Ellen nie veel vertel nie, want sy skryf ook haar ondervindinge op en u sal dit wellig ook te lees kry, alleen dit deel ons mee wat ons later gedurende sewe maande met mekaar deurgemaak het in twee kamers in die koshuis van Mevr. C. van Rooyen in Caxton huis op Bloemfontein. Ek sal u in die volgende hoofstuk vertel hoe ons daar gekom het.



Kamp Offisiere se Kwartiere.

HOOFSTUK XXIII.

BLOEMFONTEINSE KONSENTRASIE KAMP.

Toe my drie dogters en ek 'n paar dae later in die Bloemfonteinse kamp was en dit so onuithoudelik swaar was, dat ons siek begin te word en vrees dat ons ook spoedig naar die hospitaal sou gebring word, dag ek om maar weer 'n plan te maak om naar die dorp te gaan, om al was dit maar net in een kamer in my eie huis (wat destyds verhuur was aan 'n ou dame wat daar ingewoon het vir die geringe prys van £5 per maand) te woon. Waar ek en my man haar die huis so goedkoop verhuur het, sou sy my wel 'n kamer afstaan. Ek was ook gewillig om nog vir die kamer huur aan haar te betaal, of liewers die huishuur nog te vermindder. Ek gaan toe naar die kampkommandant om 'n pas te vra, daar ek besigheid in die stad moes verrig. Hy gee my 'n pas en hy vertel my dat sy seun, Edward, wat uit die kamp weggeloopt het, doodgeskiet was, maar hierop antwoord ek hom nie eers, want ek wis tog wel dat dit nie so was, want soos ek reeds vertel het, het hy en du Preez by ons veilig aangekom drie dae nadat hulle ontsnap het.

Nou gaan ons met 'n keb naar Bloemfontein, want die kamp was omtrent drie myl van die stad. Lucy en ek gaan naar Miss Atkins (die huurster van my huis) om 'n kamer te vra. Ons klop aan en sy kom voor, maar ewe verskrik hou sy 'n vinger op en sê dat sy ons nie 'n kamer kan gee nie, want sy loseer 'n paar offisiere en ook ander private mense en waarsku ons om nie hard te praat. Ons wou haar nog vertel hoe

swaar ons dit in die kamp het, maar sy wil nie eers luister en wil ons maar weg hê. Wel ek dag toe, om ergens anders 'n kamer te kry en so gaan ons eers naar die kantoor van die heer J. G. Fraser om ons agterstallige assuransie te betaal. Hy vra my toe waar my man was en of ek wis dat my seun Edward geval het. Ek antwoord dat Meneer Le Clus in Indië was en dat die kampkommandant my vertel het van Edward, maar verder praat ek niks oor die saak. Ek vra hom toe om sy invloed te gebruik by die „Provost Marshall” om my toe te laat in die stad te kom woon met my dogters, daar ek geld genoeg het om van te lewe, sonder die ondersteuning van iemand te vra. Hy sê toe dat hy in die saak niks kon doen nie, maar dat hy met die „Provost Marshall” sou praat as hy daartoe die geleentheid kry, maar ek moes 'n kamer soek. Iemand in die kamp het my vertel dat tante Ellen de Kock by Caxton huis by Mevr. van Rooyen aan huis was en Lucy en ek gaan eers om haar 'n besoek te bring, want sy was my in my kindsdae 'n dierbare tante gewees, en ek het gehoor hoe haar liewe jongste seun op Platrand, naby Lady-smith, geval het; en ook hoe sy deur die Engelse Militêre baie wreed behandel is en in die tronk gegooi is as 'n „undesirable” (ongewenste persoon) en later in die prisonierskamp op Bloemfontein geplaas is, maar deur die invloed van 'n Wesleyaanse Predikant nou toegelaat word om in die losieshuis te bly. Tante was dan ook bly om my weer te sien en vertel my dat daar 'n leë kamer is vir £6 per maand. Ons moes dan vir ons eie ete sorg. Dit was dan ook heel goed, as ons maar 'n verblyfpas van die „Provost Marshall” kon kry.

Nou snel ons naar die kantoor, wat 'n heel eind

ver is. Die son is baie warm, want dit was omstreeks twaalfuur v.m. van die 26ste November 1901. Die „Provost Marshall” stuur ons naar die Goewermentskantoor om ’n gesondheidssertifikaat te kry en na ek die distansie geloop het en ’n lang leer opgeklim het, stuur dié meneertjie ’n boodskap met die Orderley, dat ek naar die Stadshuis moes gaan. Toe ek ewe geduldig weer die end afgestap het met Lucy, stuur die luie vent my weer terug naar die „Provost Marshall”. Ons gaan toe weer naar hom, maar hy wil my weer naar die Stadshuis stuur. Ek sê: „Kan u my dan nie ’n briefie gee om te sê dat ek hier was? Want dit skyn of hulle dit nie glo nie.” So trek hy dan ’n papiertjie nader en gee my ’n briefie. Ek sê toe dankie, mar ek dag hy kon my dit ook maar eerder gegee het. Ons gaan toe weer naar die Stadshuis en weer vir die tweede keer die trappe op. Toe hulle die brief gelees het, gee hulle my die gesondheidssertifikaat, maar nou moes ons dit weer naar die „Provost Marhrall” bring om te laat onderteken en toe dit gedaan was moes ons in aller haas naar Caxton huis om Mevr. van Rooyen te sê dat ons die volgende dag sou inkom. Tante Ellen gee ons ’n heerlike dinnertjie en ’n lekker koppie koffie en O, dit het so goed gesmaak na al die vermoeienis.

Verfris en opgeruim gaan ons terug met die kar naar die kamp om die laaste nag van kampelewe deur te bring. Ella en Katie het dié dag ook baie hard gewerk, want hulle het al ons goed verhuis naar ’n deel van die markie, wat baie ver van ons tent was, en wat die kommandant ons toegestaan het. Die kinders het gedink dat dit ’n goeie verrassing vir moeder en suster sou wees om in die beter tent te kom. Hulle kom ons

ewe blymoedig tegemoet, mar hulle was nog meer verblyd toe hulle hoor dat ons die volgende dag naar die stad sou gaan en dan in 'n huis of liever kamer sou gaan woon. Arme Ella was so bly dat sy nie meer nodig sou hê om snags tentpenne te gaan vasslaan en lyne stywer of slapper te maak nie, of die tent vas te hou as 'n storm opkom.

Ons het vyf maande in die Brandfort-, en vyf dae in die Bloemfonteinse kampe deurgebring en dit was bitter swaar vir ons gewees, maar ons het groot stof tot dankbaarheid gehad, want ons het dit nog altoos beter gehad as' duisende van ons medemensê.

Voor ek die hoofstuk afsluit wil ek, al is dit met 'n blos op die aangesig, melding maak van 'n ontmoeting, wat ek in die Bloemfonteinse kamp gehad het. Ek doen dit om aan te toon, dat die beskuldiging, wat daar deur die vyand en selfs jingo-gesinde Afrikaners ons volk teen die hoof geslinger word, t.w. dat die sterfte onder ons mense te wyte was aan hulle eie slordigheid, van alle grond ontbloot is.

In verband hiermee het ek reeds aangetoon, dat geen water deur die outoriteite voorsien is vir die behoorlike reiniging van die liggaam nie en dat seep so karig verskaf was, dat dit geen wonder is, dat 'n rein en net volk as die Afrikaners is, as gevolg van die verpligte onreine toestande, waaronder hulle gedwonge was om te verkeer, nadelig op hulle gesondheid moes werk. Die verskafte kos ook, soos reeds aangetoon, het meegewerk om hul kragte te sloop, maar nog 'n beskuldiging word daar teen hulle ingebring, nl. dat hulle geen gebruik wou maak van die daarge-

stelde latrines, en hulle dientengevolge hulle eie omgewing verpes het. Latrines! Om dié plekke so 'n naam te gee strek die Engelse outoriteite tot ewige skande—'n lang sloot met twee balke ag duim van mekaar en twee voet van die grond om te dien as sitplek, dog van agter oop, met slegs 'n beskutting van sinkplate aan weerskante, vir 'n beskaafde nasie om soiets 'n behoorlike latrine te noem is 'n hemeltergende skande.

Die eerste aand van my verblyf in die Bloemfonteinse kamp eis die natuur dan ook, dat ek en my dogter ook die plek sal besoek. Pas was ons daar of 'n Tommie maak sy verskyning by die ingang. Ons spring op en vra hom: „Hoe durf jy hier kom?” en hy antwoord: „Don't make such a fuss, there's no need.” (Maak tog nie so 'n opskudding, dis nie nodig nie). Ons eis dat hy sal padgee, dog hy weier en deur die nood gedrywe, pak ek sy arm en byt hom so hard ek kon. Met 'n uitroep van pyn gee hy pad en ons snel verby en loop so hard ons kon tent toe. Die skok was geweldig en die twee dogters by die tent moes net hard dokter om ons weer naar ons normale toestand te laat terugkeer. Dit en dergelike behandeling het fatsoenlike en eerlike vrouens en jong meisies te beurt geval, behalwe die verpestende damp, wat uit die sloot opstyg en die vrouens verplig het om soms ander uitweë te soek.

HOOFSTUK XXIV.


TER GEDAGTENIS AAN VRINDE WAT IN DIE
BRANDFORT KONSENTRASIE KAMP GESTERF
HET.

Voordat ek my kampgeskiedenis afsluit, wil ek 'n bladsy wy aan die herinnering van ons Bultfonteinse vrinde, wat in die Brandfort kamp ontslaap is. Toe ek in die kamp kom, hoor ek reeds dat Bettie du Rand, 'n jong meisie, aan wie haar ou vader en moeder baie geheg was, omdat sy nog die enigste ongehude kind in huis en byna onmisbaar vir die twee ouers was, toe reeds aan die koors gestorwe was, asook 'n jongetjie wat baie vir sy moeder moes verdien solank sy vader op kommando en later krygsgevangene was.

Gert Oosthuysen was 'n stil en werksame jongetjie en ek het groot medelye met die arme moeder oor haar groot verlies. Stefanus Bester, 'n messelaar en hardwerkende en gehoorsame jongeman, het ook die tol aan die natuur betaal en sy stiefvader sal hom ook baie mis, as hy weer in sy vak besig is. Sy stiefsuster, Judith Schutte, het ook vier maande lank in die hospitaal aan tiefuskoors gely en is ook uiteindelik beswyk. Sy was 'n baie groot en sterkgeboude meisie, van goed ses voet lengte en tog daarby 'n mooi meisie. Naar my verhaal is, het sy meer brandewyn dan goeie ete gekry en toe sy sterf was sy nog so onder die invloed van drank, dat ons leraar nie eers met haar oor haar sielstoestand kon praat nie. Arme kind! sy het welig om ete gevra, maar word maar gedurig met brandewyn gestook. Eveline Zaaïman en Lulu Barnard, ook twee

lieuwe jong meisies van Bultfontein, is slagoffers geword van die kamplewe, asook die lieuwe vrolike Florrie Gombart. Sy sal onvergeetlik wees vir haar ouers, broers en susters en die vele klein skoolkinders, wat sy as onderwyseres baie goeie lesse geleer het. Ja ook ons, wat so gewoon was om haar vriendelike gelaat te sien inkyk in ons tent, terwyl sy altoos uitroep: „Goeimôre, hoe gaan dit nog?” Ons betreur die lieuwe kinders, dog sal maar vooruit sien naar die heerlike weersien, wanneer daar gevra sal word in die groot dag: „WIE ZIJN DEZEN DIE DAAR STAAN MET HUN WIT GEWASSEN KLEDEREN?” En die antwoord sal kom: „HET ZIJN ZIJ, DIE UIT DE GROTE VERDRUKKING ZIJN GEKOMEN, en hun namen zijn geschreven in het Boek DES LAMS en zij zingen HALLELUJA voor de troon van GOD en prijzen het LAM dat voor hen geslacht werd op Golgotha.”

Ons dink hier ook aan ons koster Andries Burger en so baie ander vrinde wat daar gesterf het. Later het ons gehoor van 'n ander ou vrind, ou oom Michel Prinsloo, wat naby Bultfontein gesneuwel het. Hy was 'n man van in die 80 jaar oud, en wou hom self nie gevange gee nie, hy het probeer om homself en sy familie te verdedig teen die vyand, dit het hy gedaan totdat die dodelike koeël hom getref het en ek vertrou dat sy kinders hom 'n goeie gedenkteken sal oprig op die plek waar hy geval is. Sy as rus in vrede! Dit spyt my dat ek nie oor die gegewens beskik om die name en gevalle van al die Bultfonteinse slagoffers hier te kan vermeld nie. Hul getal is groot.



BEGRAFNIS.

Op seker dag is 32 begrawe.
Ds. H. Pienaar op die voorgrond, Links,

HOOFSTUK XXV.

CAXTON HUIS.

Op die môre van die 27ste November gaan ons na Bloemfontein, om naas tante Ellen de Kock in 'n kamer te woon tot nader orders. Dit sê ek, want die lewe in dié dae was so onbestendig, dat ons volstrek nie daarvan verseker kan wees wat die Engelse die volgende uur met ons sou voorhê en doen nie. Dit kos ons weer 15/- om met die kar na die stad te gaan. Twaalf dae daarna kry ons na baie moeite ons goed van Brandfort en daarvoor moes ons weer betaal, soos reeds gesê is in 'n vorige hoofstuk. Nou kon ons ons kamer gerieflik maak, maar ag, dit was vreemd die aand om teen die dikke vaste muur te voel, en te voel dat ons weer in 'n huis was. Na die aandete het ons huisgodsdienste saam gehou en die liewe Here gedank vir sy goedheid. Hy het alles laat meewerk ten goede en ons was tevrede om die toekoms in sy Vaderhand te laat en so het ons ons ter ruste begeef.

Toe ons sowat 'n week of so in die kamer stil en rustig deurgebring het, staan ek 'n goeie aand om elfuur my uit te trek om te gaan slaap. My dogters was nog besig in die voorste part van die vertrek, toe ek 'n mansstem hoor praat en Ella in Engels hoor antwoord: „Only mother and her three daughters.” (Slegs moeder en haar drie dogters). Ewe verskrik gryp ek 'n tjalie en trek dit oor my skouers, toe meneer „Provost Marshall” (Salmon was sy naam) vlak voor my staan en my ewe brutaal aankyk. Ek bly staan en kyk hom ewe vas in die oë en vra: „En wat nou?” Hy kyk my nog

enige oomblikke aan. „Hé,” sê hy en stap toe die kamer weer uit en gaan toe die selfde in die kamer van tant Ellen doen. Later hoor ek dat dit sy gewoonte was, om maar so in te stap, net waar en wanneer hy wou, om soos hy sê, te sien of daar „any boers” in die huis en vertrekke was en so het hy menige vrou die skrik op die lyf geja. Na die tyd het ek erg siek geword en my hart was so verswak dat ek dag dat ek spoedig sou sterf, maar die liewe Heer het my weer krag naars kruis gegee en na enige weke was ek weer gesond.

Drie maande later kom suster Katie Roberts skielik by ons aan en toe woon ons almal saam in een kamer totdat die vrede verklaar is op die 31ste Mei 1902. Ons het die laaste sewe maande stil deurgebring. Ons vrindinne wat nog altyd in die Bloemfonteinse kamp was, het ons beurtelings kom besoek. Ons het dus elke dag 'n paar vrinde gehad om mee te praat en saam te eet en dit is wonderlik hoeveel ons gedaan het met ons twee parafienstowe. Tante Ellen en twee meisies sorg altoos vir klaarmaak van ons ete en vir die ander huiswerkies. Suster Katie en ek het meesal gesit en hekel en ons het 'n paar mooi dekens gehekel; een vir ons President en een vir my seun, wat uit die kamp wegge-loop het, ook een vir my man, wat hy gekry het na hy van Indië teruggekom het. Suster Katie het baie kussingslope en ander kante gehekel vir my drie dogters. Tante Ellen en die dogters het baie naaldwerk gedoen en so het ons die tyd deurgebring. Onder dié omstandighede was ons taamlik gelukkig, want ons het in die volste vertrouwe dat alles sal regkom, geleef, en so het die môre van die vrede eindelijk aangebreek.

HOOFSTUK XXVI.

VREDE.

Ons sê vrede, maar O, watter vrede? Dit was Sondagoggend en op weg naar die kerk vertel die mense ons, dat die aand tevore 'n vredestraktaat geteken was, maar ons wis toe nog nie hoe nie. Toe ons uit die kerk kom, sien ons al die Engelse vlae optrek. Ons was verstomd en terneergeslaan. Is dit dan moontlik dat die liewe Here ons verlaat het? O, die denkbeeld was ondraaglik. Ons sleep ons voete huis toe, met geboë hoofde en in sielesmart. Tuis gekom staan ek met my hoof teen die kaggel en leun en vra nog 'n keer: „Ag, Here, het U ons verlaat en ons waarskynlik tot skande gemaak? O, waarom tog dit? Die vyand sal ons nou vra waar is julle God, op Wie julle vertrou het?” O, ek kon dit nie verstaan nie, maar wonderlik die woorde kom in my op: „Hy vonnis en die heelal getuig: Sy vonnis is regvêrdig.” En O, ek wil die gedagte wegja, maar nee dit bly soos 'n MENE MENE TEKEL geskryf, en ek werp my in wanhoop neer op my bed en na enige minute trag ek dit uit te dink en te verstaan. Eindelik moes ek self erken: Ja Heer U vonnis is regvêrdig. U het U volk nie verlaat nie, maar gestraf om sy sonde, want hoe kon ons verwag om ons land te behou as ons eie Afrikaners so ontrou was, dat hulle verraad kon pleeg, hulle owerheid ongehoorsaam wees en selfs só ver gaan om die wapen teen hulle eie vlees en bloed op te neem. Hoe kan 'n volk bestaan wat teen homself verdeel is? Wat is geword van hulle wapen of leuse: „EENDRAG MAAK MAG?”

Nee, die leuse is in die modder gesleep en die regvêrdige God moes die sonde op die gedugste manier straf.

Wat bly ons nou oor? Ons moet tevrede wees. Almal wat getrou gebly het, moes nou maar sê:

„Wees stil my siel!
Die Heer regeer.”

SLOT.

Ons moet nou maar alles doen om ons Nasionaliteit op te hou, deur ons kerke, skole en taal in stand te hou.

Kinders vergeet tog julle moedertaal nie. Wees getrou aan julle Kerk, word standvastig in die geloof. Eerbiedig julle volkstradiesies. Laat die sedes en gewoontes van die voorgeslagte nie deur julle veronagzaam word nie. Kweek aan die grootste van alle deugde, want hoe sal julle die groot gebod, t.w. God lief te hê bo alles, en jou naaste as jousef, kan volbring as julle nie alles oor het vir die land waar God julle die eerste lewenslig laat aanskou het, die bodem wat julle gevoed, gekoester en tot beskerming gestrek het. Met hoeveel bloed, tranes en opoffering is die land nie deur die Voortrekkers gekoop nie en sal die dinge eenmaal teen die jonge Afrikaner, die opkomende geslagte moet getuig net soos dit getuig teen die handsoppers, die Nasionale Skout, die landverraaiers, op wie die vloek van die nageslag sal rus, totdat dit God sal behaag om die

Afrikaner wanneer hy gelouter en gereinig is van die knegskap, waaronder hy vandag gebuk gaan, te verlos en hom weer daardie vryheid te gee, wat by hom 'n deel uitmaak van sy natuur.

Met die woorde van die digter roep ek u dus tot afskeid toe :

„Afrikaners, landgenote,
wees getrou aan volk en taal.”
